



## Studentegrondwet

<b>Tipe dokument:</b>	Grondwet
<b>Doel van die beleid:</b>	Die beskerming en bevordering van studenteregte in ooreenstemming met die Handves van Studenteregte
<b>Goedgekeur deur:</b>	US Raad
<b>Goedkeuringsdatum:</b>	02/12/2021
<b>Implementeringsdatum:</b>	02/12/2021
<b>Datum van volgende Hersiening:</b>	Elke vyf jaar, of soos nodig.
<b>Datum(s) van vorige Hersienings:</b>	2018
<b>Eienaar<sup>1</sup>:</b>	US Studenteraad
<b>Kurator<sup>2</sup></b>	Beleidsbeampte, US Studenteraad
<b>Sleutelwoorde:</b>	Handves van Studenteregte, Studentegrondwet
<b>Geldende Weergawe:</b>	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling daarvan.

US Beleide is beskikbaar by [www.sun.ac.za/policies](http://www.sun.ac.za/policies)

<sup>1</sup> Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

<sup>2</sup> Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die grondwet.

# **Universiteit Stellenbosch**

## **Studentegrondwet**

Hersien 2021

Finale weergawe (4.4)

In geval van enige geskille oor vertolking geniet die Engelse weergawe van hierdie dokument voorkeur.

# Inhoud

AANHEF .....	3
HOOFSTUK 1: BASIESE BEPALINGS.....	3
HOOFSTUK 2: HANDVES VAN STUDENTEREGTE .....	5
HOOFSTUK 3: VERKIESINGS .....	8
HOOFSTUK 4: DIE STUDENTERAAD .....	10
<i>Deel 4.1: Algemeen .....</i>	<i>10</i>
<i>Deel 4.2 Ander pligte en bevoegdhede van die Studenteraad.....</i>	<i>14</i>
<i>Deel 4.3 Uitvoerende Komitee van die Studenteraad .....</i>	<i>16</i>
<i>Deel 4.4 Studenteraadsvergaderings.....</i>	<i>17</i>
<i>Deel 4.5 Evaluering van Studenteraadslede deur die Evalueringspaneel .....</i>	<i>19</i>
HOOFSTUK 5: STUDENTEPARLEMENT .....	20
<i>Deel 5.1: Algemeen .....</i>	<i>20</i>
<i>Deel 5.2: Studentevergadering .....</i>	<i>21</i>
<i>Deel 5.3: Die Studente-imbizo.....</i>	<i>24</i>
HOOFSTUK 6: STUDENTEHOF .....	28
HOOFSTUK 7: DIE APPËLHOF .....	33
HOOFSTUK 8: DIE AKADEMIESEBELANGERAAD.....	34
HOOFSTUK 9: DIE PRIMKOMITEE.....	36
HOOFSTUK 10: DIE SENIOR PRIMKOMITEE.....	38
HOOFSTUK 11: DIE VERENIGINGSRAAD.....	40
HOOFSTUK 12: DIE MILITÊRE AKADEMIE STUDENTERAAD .....	42
HOOFSTUK 13: TYGERBERG STUDENTERAAD .....	43
HOOFSTUK 14: VERKIESINGSKOMMISSIE .....	44
<i>Deel 14.1: Verkiesingskommissie .....</i>	<i>44</i>
HOOFSTUK 15: INWERKINGTREDING, HERROEPING EN WYSIGING .....	47
<i>Deel 15.1 Wetgewende Proses.....</i>	<i>47</i>
SKEDULE 1: STUDENTE VERKIESINGSWET .....	50
<i>Deel S1.1: Waardes en Standaarde.....</i>	<i>50</i>
<i>Deel S1.2: Regte .....</i>	<i>50</i>
<i>Deel S1.3: Oortredings .....</i>	<i>50</i>
<i>Deel S1.4: Sosiale media en plakkate.....</i>	<i>51</i>
<i>Deel S1.5: Afdwingbaarheid.....</i>	<i>52</i>
SKEDULE 2: STUDENTERAADSVERKIESINGS.....	53
<i>Deel S2.1: Benoemings en kriteria vir Studenteraadskandidatuur .....</i>	<i>53</i>
<i>Deel S2.2: Formaat en bemarking van die verkiesing .....</i>	<i>55</i>
<i>Deel S2.3: Uitslae en klagtes.....</i>	<i>57</i>

## AANHEF

Ons, die studente aan die Universiteit Stellenbosch, bewus van ons diverse kulturele erfenis en die historiese konteks van die Universiteit Stellenbosch en ons land, die Republiek van Suid-Afrika, verenig ons om 'n multikulturele en demokratiese gemeenskap te bou wat vry is van diskriminasie, in ooreenstemming met die Handves van Studenteregte in Hoofstuk 2 van hierdie Grondwet en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Ons aanvaar ons verantwoordelikheid om deel te neem aan die demokratiese strukture wat ingevolge hierdie Grondwet erken word.

Ons aanvaar hierdie Grondwet as bindend op ons, onderhewig aan die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die Wet op Hoër Onderwys, die Statuut van die Universiteit Stellenbosch en die Universiteitsregulasies.

## HOOFSTUK 1: BASIESE BEPALINGS

### 1. Woordomsrywings

In hierdie Grondwet geld die onderstaande woordomsrywings, tensy dit uit die samehang anders blyk:

- (1) **Aanvaar, besluit** en **verkies** verwys na 'n besluit wat by wyse van 'n gewone meerderheid stemme geneem is.
- (2) **Dag** is 'n kalenderdag.
- (3) **Ex officio lid van die SR** is 'n lid wat in die SR dien uit hoofde van 'n ander posisie wat hulle beklee, byvoorbeeld die SR-lede bedoel in artikel 25(2) tot 25(7).
- (4) **Uitvoerende Komitee** is die Uitvoerende Komitee (UK) van die SR ingevolge Deel 4.3 van hierdie Grondwet;
- (5) **Positiewe stem** verwys na die volgende proses:
  - (a) Wanneer een (1) kandidaat 'n eenvoudige meerderheid van die stemme verwerf, is daardie persoon verkose.
  - (b) Indien geen kandidaat 'n eenvoudige meerderheid behaal nie, word die volgende stappe gevolg:
    - (i) 'n Nuwe verkiesing word uitgeroep.
    - (ii) Vir hierdie verkiesing word die kandidate wat die minste aantal stemme in die vorige verkiesing verwerf het, uitgeskakel; met dien verstande dat die aantal stemme wat hierdie kandidate verwerf het, nie meer as 50% mag uitmaak van die totale aantal stemme wat in die vorige verkiesing uitgebring is nie.
    - (iii) Hierdie proses word herhaal totdat een (1) kandidaat 'n gewone meerderheid van die stemme kon verwerf.
- (6) **Posisionele studenteier** beteken 'n student wat tot die volgende strukture verkies of daarin aangestel is: strukture wat ingevolge hierdie Grondwet ingestel is, fakulteitskomitees, huiskomitees, uitvoerende komitees van verenigings en klustersameroepers.

- (7) **PSO** is die akroniem van “Privaatstudenteorganisasie”.
- (8) **Senior koshuis** verwys na ’n senior koshuis soos bedoel in die Beleid oor Plasing in Universiteitskoshuise en die beleidsriglyne vir die Plasingsbeleid.
- (9) **Gewone meerderheidstem** beteken ’n stemtotaal van 50% plus een (1) stem.
- (10) **SR** is die akroniem vir “Studenteraad”.
- (11) **Studenteliggaam** is ’n georganiseerde groep studente wat formeel aan die Universiteit verbonde is.
- (12) **Student** is ’n student wat aan die Universiteit ingeskryf is.
- (13) **Universiteitsowerhede** is enige Universiteitswerknemer of struktuur wat uit Universiteitswerknemers bestaan, onder meer die fakulteite, die Rektor se Bestuurspan en die Universiteitsraad.
- (14) **Universiteitsdag** beteken ’n weeksdag (Maandag tot Vrydag) gedurende die akademiese jaar, openbare vakansiedae uitgesluit.
- (15) **Universiteit** verwys na die Universiteit Stellenbosch.

## 2. Status van hierdie Grondwet

- (1) Alle grondwette, regulasies, reëls, kodes, dokumente, mosies en besluite wat deur enige studentestruktuur aanvaar word, is aan hierdie Grondwet onderhewig en is ongeldig in soverre dit daarmee strydig is.
- (2) Die amptelike titel van hierdie Grondwet is die **Studentgrondwet van die Universiteit Stellenbosch**.

## 3. Liggame ingevolge hierdie Grondwet ingestel

Die volgende studentestrukture word ingevolge hierdie Grondwet ingestel:

- (1) die Studenteraad (SR),
- (2) die Evalueringspaneel,
- (3) die Studenteparlement,
- (4) die Studentehof,
- (5) die Appèlhof,
- (6) die Akademiese Belangeraad (ABR),
- (7) die Primkomitee,
- (8) die Senior Primkomitee,
- (9) die Verenigingsraad,
- (10) die Militêre Akademie Studenteraad,
- (11) die Tygerberg Studenteraad (TSR) en
- (12) die Verkiesingskommissie.

## HOOFSTUK 2: HANDVES VAN STUDENTEREGTE

### 4. Toepassing

- (1) Die regte in die Handves van Studenteregte is bindend op alle studentestrukture aan die Universiteit, en al hierdie strukture het die plig om hierdie regte te respekteer, te beskerm en te bevorder.
- (2) Die studentestrukture wat ingevolge artikel 3 van hierdie Grondwet ingestel is, moet redelike maatreëls tref om te verseker dat hierdie regte beskerm en bevorder word; onder meer deur, waar nodig, met die Universiteitsowerhede te skakel.

### 5. Gelykheid

Daar mag teen geen student onbillik gediskrimineer word nie.

### 6. Menswaardigheid

Elke student is met inherente menswaardigheid bekleed en daarop geregtig dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

### 7. Vertroulikheid van studenterekords

- (1) Alle studente is daarop geregtig dat hulle Universiteitsrekords vertroulik moet wees.
- (2) Geen inligting vervat in sodanige rekords mag openbaar gemaak word sonder die betrokke student se toestemming nie.

### 8. Studentesukses

- (1) Alle studente is geregtig op 'n instaatstellende omgewing waarin studentesukses en akademiese uitnemendheid aangemoedig en nagestreef word.
- (2) Alle studente is geregtig op gehalteonderrig, akademiese ondersteuning, en deursigtige en regverdigde assesseringsprosedures.
- (3) Die strukture wat ingevolge artikel 3 van hierdie Grondwet ingestel is, het 'n plig om hindernisse tot die uitoefening van hierdie regte uit te wys en hulle daarvoor te beywer om dit uit te wys.

### 9. Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening

Alle studente is geregtig op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening.

### 10. Vryheid van spraak

- (1) Alle studente is geregtig op vryheid van spraak wat nie op haatspraak neerkom nie, met inbegrip van die volgende –
  - (a) vryheid van akademiese uitspraak en wetenskaplike navorsing;
  - (b) die vryheid van die studentemedia, en
  - (c) die vryheid om inligting en idees te ontvang en oor te dra.

### 11. Byeenkoms, betoging en petisie

- (1) Alle studente is daarop geregtig om vreedsaam en ongewapen op kampus byeen te kom en te betoog.

- (2) Alle studente is daarop geregtig om petisies aan die SR en die Universiteitsbestuur voor te lê ooreenkomstig die tersaaklike goedgekeurde prosedures van die Universiteit en/of munisipaliteit.

## **12. Vryheid van assosiasie**

Alle studente is geregtig op vryheid van assosiasie op kampus, wat die reg insluit om enige studentegroep, vereniging of genootskap te stig.

## **13. Deelname aan Studenteraadsverkiesings**

- (1) Alle studente is daarop geregtig om in SR-verkiesings te stem en om hulle stem in die geheim uit te bring.
- (2) Alle studente is daarop geregtig om hulle tot die SR verkiesbaar te stel, onderhewig aan billike en toepaslike verkiesbaarheidsvereistes en die bepalinge van hierdie Grondwet.

## **14. Administratiewe handeling**

- (1) Elke student wie se regte of regmatige verwagtinge wesenlik en nadelig geraak word deur enige besluit deur 'n studenteliggaaam of lid van 'n studenteliggaaam is daarop geregtig om –
  - (a) oor die aard en doel van die voorgenome handeling ingelig te word;
  - (b) redelike geleentheid te ontvang om verhoër te word en skriftelik te reageer;
  - (c) voldoende kennisgewing te ontvang van enige toepaslike reg op hersiening of interne appellering; en
  - (d) te versoek dat redes vir die besluit verstrekkend word, en om daardie redes skriftelik en binne 'n redelike tyd te ontvang.

## **15. Inperkings**

- (1) Die regte in hierdie hoofstuk mag ingeperk word slegs ingevolge regsreëls met algemene gelding. Vir die doeleindes van hierdie afdeling sluit sodanige regsreëls ook Universiteitsregulasies, -reëls en -beleide in.
- (2) Inperkings moet afgestuur wees op doelwitte wat ooreenstem met die waardes van 'n oop en demokratiese gemeenskap wat op menswaardigheid, gelykwaardigheid en vryheid gegrond is.
- (3) Inperkings mag nie die regte in hierdie hoofstuk verder inperk as wat nodig is nie, en die uitwerking wat dit op studenteregte het, moet proporsioneel tot die gestelde doelwitte wees.

## **16. Afdwinging**

- (1) Enige student, studentestruktuur of groep studente, ongeag of hulle in eie belang of in belang van 'n groep of klas studente optree, kan die Studentehof om 'n gepaste remedie nader indien studenteregte ingevolge hierdie Grondwet na bewering geskend is of word.
- (2) Die SR moet redelike maatreëls tref om te help sorg dat die Studentehof se bevels afdwingend word.

## **17. Vertolking**

Die Handves van Studenteregte moet vertolk word ooreenkomstig die Handves van Regte ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996, die Wet op Hoër Onderwys 108 van 1999, die Statuut van die Universiteit Stellenbosch, Universiteitsbeleid en -regulasies, en die Militêre Dissiplinêre Kode waar toepaslik.



## HOOFSTUK 3: VERKIESINGS

### 18. Studenteraadsverkiesings

- (1) Die nege (9) algemene SR-lede waarna artikel 24(1) verwys, word een (1) keer elke kalenderjaar verkies in 'n vry en regverdige algemene verkiesing waarin alle studente kan stem, met inagneming van die bepalings in Skedule 2.
- (2) Elke student mag een (1) stem vir elke beskikbare posisie uitbring, en alle studente se stem dra dieselfde gewig.
- (3) Die SR-verkiesing moet –
  - (a) gedurende die derde akademiese kwartaal plaasvind, en
  - (b) hoogstens een (1) week lank duur.
- (4) Verteenwoordigers in die SR vanuit die ABR, Primkomitee, Senior Primkomitee, Militêre Akademie SR, TSR en Verenigingsraad moet verkies word voordat die SR-verkiesing plaasvind.
- (5) Die Verkiesingskommissie moet verseker dat daardie verkiesings vry, regverdig en geloofwaardig is.
- (6) Die SR se Uitvoerende Komitee (UK) moet verkiesingskommissarisse ingevolge artikel 41(2)(d) aanstel.
- (7) Die formaat van die verkiesing, wie tot die SR verkiesbaar is, die pligte en bevoegdhede van die verkiesingsameroeper(s), die verkiesingsklagteprosedure en die bekendmaking van uitslae word in Skedule 1 bereël.

### 19. Verkiesing van die Voorsitter van die Studenteraad

- (1) Nadat die geldigheid van die verkiesingsuitslae ingevolge Skedule 1 bevestig is, belê die Verkiesingskommissie die eerste vergadering van die nuut verkose SR.
- (2) Die lede van die nuut verkose SR – algemene sowel as ex officio-lede – kies 'n nuwe SR-voorsitter by wyse van 'n positiewe stem onder voorsitterskap van een (1) van die verkiesingskommissarisse.
- (3) Enige lid van die nuut verkose algemene SR-lede kan hulleself vir verkiesing tot SR-voorsitter beskikbaar stel.
- (4) Die voorsittende beampte by die vergadering moet die kandidate redelike tyd toelaat om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat stemming begin.
- (5) Indien daar slegs twee (2) kandidate oorbly en die stemme is na die vierde stembingsronde gelykop verdeel, wys die Studente-imbizo die Voorsitter aan by 'n spesiale vergadering van die Studente-imbizo waarby die Hoofregter van die Studentehof voorsit.

### 20. Verkiesing van die res van die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad

- (1) Nadat die nuut verkose Voorsitter van die SR aangewys is, verkies die nuut verkose SR-lede, onder leiding van die SR-voorsitter, die verpligte lede van die UK en daarna die ander lede van die UK by wyse van 'n positiewe stem.
- (2) Enige nuut verkose SR-lid kan, onderworpe aan artikel 30, hulleself tot enige van die oorblywende posisies in die UK beskikbaar stel.
- (3) Indien die nuut verkose SR so verkies, kan die UK ook tydens 'n latere SR-vergadering verkies word, met dien verstande dat die UK verkies moet word binne een (1) maand nadat die uitslae van die SR-verkiesing bevestig is.

- (4) Die voorsitter by die vergadering moet die kandidate redelike tyd toelaat om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat stemming begin.

## **21. Verkiesing van Studenteraadsverteenwoordigers in statutêre Universiteitsliggame**

- (1) SR-verteenwoordigers in die Universiteitsraad, die Senaat en die Institusionele Forum moet soos volg verkies word –
  - (a) tydens 'n SR-vergadering;
  - (b) binne een (1) maand nadat die uitslae van die SR-verkiesing aangekondig is;
  - (c) onder voorsitterskap van die nuut verkose SR-voorsitter; en
  - (d) by wyse van 'n positiewe stem.
- (2) Enige lid van die nuut verkose SR – ook lede van die UK – kan hulleself vir een (1) of meer van hierdie posisies beskikbaar stel, onderworpe aan artikel 30.
- (3) Die Voorsitter moet kandidate redelike tyd toelaat om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat stemmery begin.

## **22. Verkiesing van die voorsitters van ex officio-strukture**

- (1) Die Verkiesingskommissie roep die verkiesing van die voorsitters en verkose lede van die uitvoerende komitees van die ABR, die Primkomitee, die Senior Primkomitee, die TSR en die Verenigingsraad uit.
- (2) Die verkiesingsdatum en -tyd word deur die Verkiesingskommissie in oorleg met die dienende voorsitters bepaal.
- (3) Die Verkiesingskommissie moet kandidate redelike tyd toelaat om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat stemmery begin.

## **23. Verkiesings van studenteleiers**

Die Verkiesingskommissie moet die verkiesings van die SR bestuur en moet enige klagtes wat met verkiesings vir die ABR, die Primkomitee, die Verenigingsraad, fakultêre studentekomitees, verenigings en huiskomitees sowel as die TSR en die samestellende liggame daarvan moniteer, ouditeer en ondersoek.

## HOOFSTUK 4: DIE STUDENTERAAD

### Deel 4.1: Algemeen

#### **24. Status van die Studenteraad**

Die SR is die hoogste verteenwoordigende studentestruktuur aan die Universiteit en staan onder die gesag van die US Raad.

#### **25. Samestelling van die Studenteraad**

Die SR bestaan uit die volgende lede:

- (1) nege (9) lede verkies deur die studente ingevolge Hoofstuk 4 van hierdie Grondwet,
- (2) die Voorsitter van die ABR,
- (3) die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Primkomitee,
- (4) die Voorsitter van die Verenigingsraad,
- (5) die Voorsitter van die Senior Primkomitee,
- (6) die Studentekaptein van die Militêre Akademie SR, en
- (7) die TSR-voorsitter.

#### **26. Ampstermyn van die Studenteraad**

Die ampstermyn van die SR begin op die eerste dag van die vierde kwartaal van die akademiese jaar en duur tot die dag voor die aanvang van die vierde kwartaal van die volgende akademiese jaar.

#### **27. Kernfunksies van die Studenteraad**

Die SR se kernfunksies sluit in:

- (1) om in die beste belang van studente te handel en om die studenteregte ingevolge Hoofstuk 2 doelgerig te bevorder;
- (2) om studente te verteenwoordig in –
  - (a) die US Raad,
  - (b) die Senaat,
  - (c) die Institusionele Forum,
  - (d) ander komitees, strukture en ampte van die Universiteit, en
  - (e) nasionale en internasionale studentestrukture;
- (3) om Universiteitsbeleid te evalueer en insette in die formulering daarvan te lewer;
- (4) om beleid te formuleer en te handhaaf om te verseker dat die SR hulle werksaamhede en pligte doeltreffend verrig;
- (5) om projekte en inisiatiewe tot voordeel van studente te fasiliteer; en
- (6) om studente voortdurend oor die SR se werksaamhede in te lig en by hulle terugvoer daarvoor te kry.

## 28. Verpligte portefeuljies

Die SR moet ten minste die volgende portefeuljies in stand hou:

- (1) Die Voorsitter –
  - (a) sit voor by vergaderings van die SR en die UK;
  - (b) tree, in oorleg met die SR-beampte vir Kommunikasie, as segspersoon vir die SR op;
  - (c) is saam met die UK vir die SR se geldsake verantwoordelik;
  - (d) sien toe dat die SR hulle mandaat vervul; en
  - (e) is vir oorsig oor SR-werksaamhede verantwoordelik.
- (2) Die Ondervoorsitter –
  - (a) is daarvoor verantwoordelik om die Voorsitter in alle administratiewe funksies by te staan en enige of alle voorsitterspligte te vervul indien die Voorsitter ongeskik of onbesikbaar sou wees;
  - (b) is vir die interne monitering en beoordeling van die SR verantwoordelik;
  - (c) is vir die SR se interne verhoudinge en dissipline verantwoordelik; en
  - (d) stel, met die instemming van die SR, die SR-bestuurders aan.
- (3) Die Sekretaris –
  - (a) is vir die instandhouding van interne kommunikasie binne die SR verantwoordelik;
  - (b) is vir die bestuur van kennis en institusionele geheue binne die SR verantwoordelik;
  - (c) sien toe dat SR-vergaderings, en enige ander vergaderings of konsultasies waarvan die SR rekordhouding vereis, behoorlik geboekstaaf word;
  - (d) is vir die bywerking, veilige bewaring en beskikbaarstelling van rekords, opnames, beleide en ander SR-dokumente verantwoordelik met inagneming van die SR se interne reëls; en
  - (e) moet die Sameroeper van die Studente-imbizo en die Speaker van die Studentevergadering voorsien van 'n dokument wat gereeld bygewerk word en wat uiteensit watter SR-lede in watter bepaalde US-komitees dien.
- (4) Die Tesourier –
  - (a) moet verseker dat die SR se finansiële hulpbronne op 'n deursigtige, verantwoordelike en volhoubare manier aangewend word;
  - (b) is verantwoordelik vir die formulering van beleid wat die deursigtige, verantwoordelike en volhoubare aanwending van die SR se finansiële hulpbronne verseker, en om te sorg dat sodanige beleide deurgevoer word nadat dit deur die SR goedgekeur is;
  - (c) moet die SR se konsepbegroting voorberei vir oorweging deur die UK; en
  - (d) moet aan die einde van die ampstermyn 'n finansiële verslag inlewer.
- (5) Die onderstaande portefeuljies moet binne die SR in stand gehou word, maar mag deur 'n SR-bestuurder bedryf word indien 'n verkose SR-lid nie verantwoordelikheid daarvoor neem nie:
  - (a) SR-beampte vir Beleid –
    - (i) verseker dat enige beleid wat binne die SR geformuleer word, ooreenkomstig artikel 27(4) geformuleer en hersien word;

- (ii) staan die ander SR-lede by om Universiteitsbeleid te evalueer en insette te lewer in die formulering daarvan ooreenkomstig artikel 27(3);
  - (iii) sorg dat 'n resolusie wat die Studente-imbizo aanvaar om hierdie Grondwet te wysig, deur die SR vir ratifikasie oorweeg is;
  - (iv) lê niebindende meningsverslae aan die SR voor oor die vertolking van hierdie Grondwet en ander US-beleide; en
  - (v) is vir die veilige bewaring van alle studenteverwante grondwette verantwoordelik.
- (b) SR-beampte vir Kommunikasie –
- (i) verseker dat studente voortdurend en ten volle oor die werksaamhede van die SR ingelig word ooreenkomstig artikel 27(6);
  - (ii) verkry terugvoering vanaf studente ooreenkomstig artikel 27(6); en
  - (iii) verseker dat die advies van die Studenteparlement die SR bereik.
- (c) Voorsitter vir Kuns en Kultuur

## 29. Vervulling van pligte

- (1) SR-lede moet aan die bepalings van hierdie Grondwet en aan SR-beleide en -regulasies voldoen.
- (2) Indien 'n SR-lid artikel 29(1) oortree, of indien daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n lid artikel 29(1) gaan oortree –
  - (a) mag die Studentehof 'n gepaste bevel op versoek van enige student uitreik; en, sou daardie bevel nie nagekom word nie, kan die betrokke SR-lid ingevolge artikel 31(1)(h) uit hulle amp ontslaan word.
  - (b) kan die Evalueeringspaneel dit in aanmerking neem in hulle besluit om die betrokke lid se honorarium ingevolge artikel 53 te verlaag.

## 30. Ex officio-lede

'n Ex officio-lid van die SR –

- (1) mag slegs een (1) ander SR-portefeulje bykomend tot hulle ex officio-posisie aanvaar, ongeag of die ander portefeulje verpligtend is of nie;
- (2) mag geen ander portefeuljes aanvaar as hulle in die UK dien nie; en
- (3) mag nie die posisie van SR-voorsitter, -ondervoorsitter, -sekretaris of -tesourier beklee nie.

## 31. Die beëindiging van SR-lidmaatskap

- (1) 'n SR-lid se lidmaatskap kom tot 'n einde wanneer –
  - (a) die lid se ampstermyn verstryk;
  - (b) die lid 'n skriftelike bedanking uit die SR by die SR-sekretaris indien;
  - (c) die lid ophou om 'n lid van die studenteliggaam te wees wat hulle ex officio in die SR verteenwoordig;
  - (d) die lid ophou om 'n ingeskrewe student te wees;
  - (e) die lid afsterf;

- (f) die lid sonder opgaaf van redes by drie (3) opeenvolgende SR-vergaderings afwesig is;
  - (g) die Studentehof bevind op grond van 'n aansoek dat die lid opsetlik of nalatig 'n bevel van die Hof verontagsaam het;
  - (h) die Studenteparlement 'n mosie van wantroue teen die lid aangeneem het en die Studente-imbizo besluit dat die lid ingevolge daarvan vervolgbaar is;
  - (i) die Studente-imbizo 'n resoluëie aanneem om 'n lid te vervolg vir versuim om hulle pligte ingevolge hierdie Grondwet te vervul;
  - (j) die lid tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonniss word, hetsy in die Republiek van Suid-Afrika of elders; of
  - (k) die Sentrale Dissiplinêre Komitee die lid een van die volgende vonnisse oplê –
    - (i) permanente skorsing uit die SR, of
    - (ii) skorsing uit die Universiteit, hetsy vir 'n bepaalde of onbepaalde tyd.
- (2) Indien 'n ex officio-lid van die SR ophou om 'n SR-lid te wees voordat hulle ampstermyn verstryk het –
- (a) moet die studentestruktuur waarvan hulle die verteenwoordiger in die SR was, ingelig word dat hulle verteenwoordiger se SR-lidmaatskap beëindig is;
  - (b) moet die betrokke studentestruktuur binne vyf (5) dae 'n nuwe, tydelike SR-vertteenwoordiger aanstel, met dien verstande dat:
    - (i) alle pligte en privilegies van die voormalige ex officio-lid op die tydelike verteenwoordiger oorgaan, en
    - (ii) die tydelike verteenwoordiger oor alle bevoegdhede van daardie ex officio-lid ingevolge artikel 39 beskik;
  - (c) moet die studentestruktuur wat deur die voormalige lid verteenwoordig is, binne tien (10) dae 'n resoluëie aanneem dat die lid vervolgbaar is uit die voorsitters- of ondervoorsitterskap (wat ook al van toepassing is) van die studenteliggaam wat hulle in die SR verteenwoordig het; en
  - (d) moet die studentestruktuur wat deur die voormalige SR-lid verteenwoordig is, binne tien (10) dae – of ooreenkomstig hulle eie grondwet – 'n nuwe voorsitter of ondervoorsitter verkies.
- (3) Indien enige ander SR-lid se lidmaatskap eindig voordat hulle ampstermyn verstryk het, moet die SR besluit of daardie lid se posisie gevul moet word. Sou die SR besluit om dit wel te vul –
- (a) en daar het *minder as sestig (<60)* Universiteitsdae verloop tussen die verkiesing van die betrokke lid en die dag waarop hulle lidmaatskap geëindig het, moet die beskikbare kandidaat wat die meeste stemme in die verkiesing verwerf het maar nie tot die SR verkies is nie (aangesien die uittredende SR-lid verkies is), die pos vul;
  - (b) en daar het *sestig of meer (≥60)* Universiteitsdae verloop tussen die verkiesing van die betrokke lid en die dag waarop hulle lidmaatskap geëindig het óf daar is geen beskikbare kandidaat soos in artikel 31(3)(a) bedoel nie, moet die SR 'n tussenverkiesing uitroep om die pos te vul.

## Deel 4.2 Ander pligte en bevoegdihede van die Studenteraad

### 32. Verslagdoening

- (1) Elke SR-lid moet na elke akademiese kwartaal 'n volledige verslag oor hulle verantwoordelikhede en ander werksaamhede by die Sekretaris indien, binne een (1) week nadat die volgende kwartaal begin het, en die Sekretaris moet die verslae wat ontvang is –
  - (a) by die Studente-imbizo indien;
  - (b) met die Studente-imbizo kommunikeer om te verseker dat SR-lede by 'n verantwoordbaarheidsvergadering opdaag om oor hulle verslag te getuig, indien nodig; en
  - (c) die verslae aan alle studente beskikbaar stel.
- (2) Elke SR-lid moet 'n volledige verslag oor hulle onderskeie verantwoordelikhede en ander werksaamhede aan hulle opvolger oorhandig binne veertien (14) dae nadat hulle ampstermyn ten einde geloop het, en hierdie verslae moet ook sentraal gestoor en aan toekomstige SR-lede beskikbaar gestel word.

### 33. Aankondiging van program en begroting

- (1) Die nuut verkose SR moet binne een (1) maand nadat hulle ampstermyn begin het, 'n dokument aan alle studente beskikbaar stel wat ten minste die volgende bevat –
  - (a) die SR se visie- en missieverklaring,
  - (b) 'n begroting, en
  - (c) 'n bygewerkte portefeuljedokument wat uiteensit watter portefeulje(s) aan watter SR-lid of -bestuurder toegeken is.
- (2) Die SR moet redelike maatreëls tref om studente daarvan bewus te maak dat dié dokument beskikbaar is.
- (3) Die Studente-imbizo mag artikel 33(1) vir 'n vasgestelde tydperk ophef indien die SR 'n versoek daartoe voorlê op grond van buitengewone omstandighede wat ontstaan het.

### 34. SR-verteenwoordigers in ander strukture

SR-verteenwoordigers in ander strukture moet die SR se oogpunt binne daardie strukture verteenwoordig en die SR raadpleeg oor enige belangrike besluite wat deur die betrokke komitees geneem moet word.

### 35. Gedragskode

Die SR moet 'n gedragskode aanvaar om die gedragsreëls en dissiplinêre proses vir SR-lede neer te lê.

### 36. SR-bestuurders

- (1) Die SR mag studente as SR-bestuurders aanstel om namens die SR portefeuljes te bestuur wat hoofsaaklik organisatoriese of administratiewe funksies behels.
- (2) Die minimum getal SR-bestuurders wat aangestel word, word in artikel 28(5) bereël; die maksimum is tien (10).
- (3) SR-bestuurders is nie SR-lede nie.

- (4) Elke SR-bestuurder moet verantwoordbaar wees aan 'n spesifieke SR-lid sowel as die SR in die geheel.
- (5) SR-bestuurders geniet toegang tot dieselfde fasiliteite as die SR, en mag hulle eie komitees aanstel.
- (6) Die vergoeding van elke SR-bestuurder moet voor hulle aanstelling bepaal word. Die SR en die Evalueringspaneel mag lateraan gesamentlik die aanvanklike bedrag afwaarts aanpas op grond daarvan dat die SR-bestuurder nie hulle pligte nagekom het nie.
- (7) SR-bestuurders is onderworpe aan evaluering deur die Evalueringspaneel.
- (8) SR-bestuurders moet minstens een (1) SR-vergadering per akademiese kwartaal bywoon met die doel om aan die SR terugvoering oor hulle werksaamhede te gee.
  - (a) 'n SR-bestuurder moet 'n SR-vergadering bywoon indien die UK dit skriftelik versoek.
  - (b) Bestuurders moet geldige redes vir afwesigheid by 'n verpligte vergadering verstrek.

### **37. Taakspanne**

- (1) Die SR kan taakspanne uit eie geledere aanstel om ad hoc- of voortgaande aangeleenthede te hanteer.
  - (a) Die SR moet toestemming vir die instelling van 'n taakspan verleen, en wel by wyse van 'n eenvoudige meerderheidstem.
- (2) Benewens SR-lede kan enige ander student in 'n taakspan aangestel word.
- (3) Tensy die dringendheid van die saak anders vereis, moet enige student wat oor die nodige vaardighede beskik geleentheid kry om aansoek te doen om in 'n taakspan te dien.
- (4) Die SR kan die gesag om 'n aangeleentheid af te handel aan 'n taakspan delegeer.

### **38. Massavergaderings**

- (1) Die SR kan massabyeenkomste met studente en ander belanghebbendes hou as 'n manier om die SR se mandaat by wyse van debatvoering en konsultasie te bevestig.
- (2) Studente moet vyf (5) Universiteitsdae voor 'n massabyeenkoms daarvan ingelig word.
- (3) Die bespreking word deur die SR-voorsitter gelei of deur 'n student aan wie die SR-voorsitter die gesag daartoe gedelegeer het.
- (4) Sodanige byeenkomste kan verskillende vorme aanneem:
  - (a) Massavergaderings, waar –
    - (i) elke student gelyke stemreg het in alle aangeleenthede wat voor die groep gebring word;
    - (ii) die agenda presies moet aandui oor watter punt(e) gestem sal word; en
    - (iii) stemming deur die SR geadministreer word volgens enige redelike prosedure waarop ooreengekom is voordat die vergadering begin het.
  - (b) Massagesprekke, waar –
    - (i) studente toegelaat moet word om voorleggings te maak vir die agenda, wat deur die UK aanvaar moet word voordat gesprekvoering begin; en
    - (ii) geen stemming mag plaasvind nie.



- (5) Studente kan 'n massabyeenkoms aanvra deur middel van 'n petisie wat deur minstens vyftig (50) studente onderteken is, in welke geval die SR moet reël dat die byeenkoms plaasvind binne twee (2) weke nadat die petisie ontvang is.

### **39. Ander pligte en magte**

- (1) SR-lede mag –
- (a) portefeuljesubkomitees aanstel;
  - (b) 'n persoonlike assistent aanstel, onderhewig aan goedkeuring deur die UK;
  - (c) portefeuljespesifieke projekte loods; en
  - (d) die besteding van hulle toegewese begroting aanpas, onderhewig aan die finansiële riglyne van die SR.
- (2) Die SR moet –
- (a) hierdie Grondwet aan studente beskikbaar stel en hulle daarvan bewus maak dat dit beskikbaar is; en
  - (b) enige ander pligte nakom wat deur hierdie Grondwet vereis word.

## Deel 4.3 Uitvoerende Komitee van die Studenteraad

### **40. Samestelling**

Die UK bestaan uit die volgende SR-lede –

- (1) die Voorsitter,
- (2) die Ondervoorsitter,
- (3) die Tesourier,
- (4) die Sekretaris, en
- (5) twee (2) addisionele gewone lede.

### **41. Pligte en bevoegdhede**

- (1) Die UK het die plig en bevoegdheid om –
- (a) die agenda vir SR-vergaderings op te stel;
  - (b) die daaglikse sake van die SR te bestuur
    - (i) buiten enige bevoegdheid of plig wat hierdie Grondwet aan die SR toewys;
  - (c) enige plig te verrig wat die SR aan die UK delegeer,
  - (d) enige ander funksie te vervul wat hierdie Grondwet aan die UK toewys.
- (2) Die UK het ook, onderhewig aan artikel 41(3), die plig en bevoegdheid om –
- (a) die SR se begroting op te stel en lateraan te wysig;
  - (b) belangrike besluite te neem in dringende gevalle waar dit nie prakties uitvoerbaar is om die SR byeen te roep nie; met dien verstande dat:
    - (i) die SR onmiddellik in kennis gestel word van besluite wat ingevolge artikel 41(2)(b) geneem is, en
    - (ii) sodanige besluite vir finale beslissing ter tafel gelê word by die eerste SR-vergadering wat daarna moontlik is;
  - (c) oor die portefeuljetoekenning van die SR te besluit, buiten dié van die verpligte portefeuljes; en

- (d) die verkiesingskommissaris ingevolge artikel 18(6) aan te stel.
- (3) Besluite wat die UK ingevolge artikel 41(2) neem, sal van krag wees tensy die SR dit by die daaropvolgende vergadering bedoel in artikel 42(3) tersyde gestel word.

#### **42. Vergaderings en notules**

- (1) Die UK vergader ten minste een (1) keer per week, maar is nie verplig om tydens amptelike eksamen- en vakansietyd byeen te kom nie.
- (2) Alle besluite van die UK moet genotuleer word, en die notule van 'n UK-vergadering moet drie (3) Universiteitsdae na die vergadering aan die SR beskikbaar gestel word.
- (3) Indien minstens drie (3) SR-lede binne een (1) Universiteitsdag nadat die notule beskikbaar gemaak is, 'n skriftelike versoek om 'n spesiale vergadering tot die Voorsitter rig, moet die volgende plaasvind:
  - (a) Die Voorsitter moet binne twee (2) Universiteitsdae nadat die versoek ingedien is, 'n spesiale SR-vergadering belê.
  - (b) Die enigste item(s) op die agenda moet die betrokke kwessie(s) vanuit die notule van die UK-vergadering wees.
  - (c) 'n Eenvoudige meerderheid van die SR is nodig om die tersaaklike besluit(e) van die UK tersyde te stel.
- (4) Die UK mag enige persoon wat vir enige getal agendapunte tersaaklik is, uitnooi om die besprekings te vereenvoudig.

#### **43. Kworum**

Vier (4) lede van die UK vorm 'n kworum by vergaderings.

### Deel 4.4 Studenteraadsvergaderings

#### **44. Frekwensie**

Die SR vergader ten minste al om die ander week, maar is nie verplig om tydens amptelike eksamen- en vakansietyd te ontmoet nie.

#### **45. Kennisgewing van vergaderings**

Skriftelike kennisgewing van 'n gewone SR-vergadering moet ten minste twee (2) Universiteitsdae voor die vergadering aan lede gegee en minstens die volgende bevat –

- (1) die datum, tyd en plek van die vergadering, en
- (2) die volledige agenda.

#### **46. Kworum en stemming**

- (1) Elf (11) SR-lede vorm 'n kworum by SR-vergaderings.
- (2) Geen besluit deur die SR sal geldig wees indien daar nie minstens elf (11) lede teenwoordig was by die vergadering waar die besluit geneem is nie.
- (3) Indien die uitslag van 'n stemming gelykop is, moet die SR betekenisvolle oorweging aan die kwessie skenk en weer stem. Indien die uitslag weer gelykop is, het die Voorsitter die beslissende stem.

#### **47. Deursigtigheid**

- (1) Gewone SR-vergaderings:
  - (a) 'n Verkorte agenda – wat minstens al die agendapunte sowel as die datum, tyd en plek van die vergadering vermeld – moet ten minste twee (2) Universiteitsdae voor elke SR-vergadering aan alle studente beskikbaar gestel word.
  - (b) Enige student asook enige ander persoon wat deur die SR uitgenooi word, mag SR-vergaderings bywoon.
  - (c) Nie-SR-lede mag 'n spreekbeurt – waarvan die duur deur die Voorsitter bepaal word – tydens 'n SR-vergadering kry slegs indien –
    - (i) die Voorsitter van oordeel is dat die persoon se inset waarde tot die gesprek sal toevoeg, of
    - (ii) die nie-lid minstens een (1) Universiteitsdag voor die vergadering skriftelik aan die Sekretaris kennis gegee het van hulle voorneme om die vergadering toe te spreek, en die Voorsitter die versoek om 'n spreekbeurt toestaan.
  - (d) Die Voorsitter kan die bespreking van 'n sekere agendapunt geslote hou indien die Voorsitter glo dat dit in studente se beste belang sou wees, met dien verstande dat –
    - (i) die Voorsitter dit doen voordat die agenda bepaal word;
    - (ii) die punt steeds in die volledige agenda sowel as die verkorte agenda verskyn;
    - (iii) die bespreking van die punt steeds genotuleer word, en dié notule slegs intern aan die SR beskikbaar gestel hoef te word; en
    - (iv) die SR kan besluit om die Voorsitter se beslissing tersyde te stel.
- (2) Spesiale SR-vergaderings:
  - (a) 'n Verkorte agenda wat ten minste al die punte op die agenda sowel as die datum, tyd en plek van die vergadering vermeld, moet ten minste twee (2) uur voor 'n spesiale vergadering aan alle studente beskikbaar gestel word.
  - (b) Die spesiale vergadering maak dit vir die SR moontlik om byeen te kom wanneer dit nodig is om dringende of spesifieke kwessies sonder versuim te bespreek.
  - (c) Die UK kan besluit om die vergadering geslote te hou, met dien verstande dat:
    - (i) die bespreking dit verg, dit in die beste belang van studente is of nodig is dat die SR oor 'n saak moet ooreenkom;
    - (ii) die notule van die bespreking binne vyf (5) Universiteitsdae aan studente beskikbaar gestel word; en
    - (iii) indien minstens drie (3) SR-lede binne twee (2) Universiteitsdae nadat die notule beskikbaar gestel is, 'n skriftelike versoek aan die Voorsitter rig, die besprekingspunt by die eersvolgende gewone SR-vergadering moet dien.

#### **48. Notules**

- (1) Alle SR-besluite moet genotuleer word.
- (2) Die Sekretaris moet toesien dat die volledige notules van elke SR-vergadering binne vyf (5) Universiteitsdae na die vergadering elektronies aan alle studente beskikbaar gestel word.

#### **49. Sekundi vir ex officio-lede**

- (1) Indien ex officio-lede nie 'n SR-vergadering kan bywoon nie, mag hulle 'n lid van hulle komitee skriftelik aanstel om die vergadering as hulle sekundus by te woon.
- (2) Die aanstelling moet by die SR-sekretaris ingedien word.
- (3) Die betrokke sekundus mag alle regte en bevoegdhede by die vergadering uitoefen wat die persoon wat hulle verteenwoordig daar sou kon uitoefen as hulle teenwoordig sou gewees het.
- (4) Die reg om 'n sekundus aan te stel, mag vir hoogstens twee (2) opeenvolgende SR-vergaderings uitgeoefen word.
- (5) Sekundi vir ex officio-lede word vir doeleindes van 'n kworum ingereken.

#### **50. Gevolmagtigdes vir algemene SR-lede**

- (1) Enige SR-lid wat by 'n vergadering afwesig gaan wees, mag vooraf die volmag vir hulle stem aan iemand oordra.
- (2) Die lid moet die SR-sekretaris skriftelik van die volmagstem inlig.
- (3) Die reg om 'n gevolmagtigde aan te stel, mag vir hoogstens twee (2) opeenvolgende SR-vergaderings uitgeoefen word.
- (4) Gevolmagtigdes word nie vir doeleindes van 'n kworum ingereken nie.

### [Deel 4.5 Evaluering van Studenteraadslede deur die Evalueringspaneel](#)

#### **51. Aard en sameroeping van die Evalueringspaneel**

- (1) Die Direkteur van die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSEOB) of die Direkteur se aangewese plaasvervanger roep die Evalueringspaneel byeen om te evalueer hoe die SR-lede hulle pligte verrig het en hulle sodoende verantwoordbaar te hou.
- (2) Die Evalueringspaneel moet binne twee (2) weke na die einde van 'n SR se termyn belê word.

#### **52. Samestelling van die Evalueringspaneel**

- (1) Die Evalueringspaneel bestaan uit die volgende lede:
  - (a) die Direkteur van die SSEOB of die Direkteur se aangewese plaasvervanger, wat as voorsitter van die Evalueringspaneel funksioneer;
  - (b) die Hoofregter van die Studentehof of 'n lid van die Hof wat deur die Hoofregter aangestel is;
  - (c) die Speaker van die Studentevergadering;
  - (d) die Sameroeper van die Studente-imbizo; en
  - (e) twee (2) persone – hetsy studente, US-personeellede of ander persone – wat nie SR-lede is nie en wat deur die SR aangewys is in die lig van hulle kennis van die SR se pligte.
- (2) Die Viserektor: Leer en Onderrig mag een (1) US-personeellid aanstel om in adviserende hoedanigheid maar sonder stemreg in die Evalueringspaneel te dien.

### **53. Pligte en bevoegdhede van die Ewalueringspaneel**

- (1) Die Ewalueringspaneel het die bevoegdheid om –
  - (a) tot 20% van die gebruiklike honorarium van 'n SR-lid te weerhou indien die lid se jaarverslag, na die Ewalueringspaneel se mening, ontoereikend en onvolledig is, en
  - (b) tot 40% van die gebruiklike honorarium van 'n SR-lid te weerhou indien die lid, na die Ewalueringspaneel se mening, nie hulle pligte behoorlik en bekwaam verrig het nie; en
- (2) 'n kort onderhoud met elke SR-lid en -bestuurder oor die uitvoering van hulle pligte en die prestasie van die ander SR-lede te voer.
- (3) In die Ewalueringskomitee se besluit ingevolge artikel 53(1)(b) moet hulle ook die volgende in ag neem:
  - (a) die bepalings van hierdie Grondwet,
  - (b) die SR se gedragskode en ander regulasies,
  - (c) enige verstoë wat enige persoon skriftelik aan die voorsitter van die Ewalueringspaneel mag rig,
  - (d) die verslae van SR-lede, waarvan afskrifte aan die Ewalueringspaneel voorsien moet word, en
  - (e) die beginsels van prosedurele billikheid.

### **54. Hersiening**

Die Ewalueringspaneel se besluite kan deur die Appèlhof hersien word, maar nie deur die Studentehof nie.

### **55. Prosedure**

Die Ewalueringspaneel bepaal self hulle prosedure.

### **56. Kennisgewing en redes**

Indien daar besluit word om enige gedeelte van 'n SR-lid se honorarium te weerhou, moet die Ewalueringspaneel die betrokke SR-lid so spoedig moontlik van die besluit in kennis stel asook skriftelik die redes vir sodanige besluit verstrek.

### **57. Tydraamwerk**

Die Ewalueringspaneel word jaarliks saamgestel om hulle pligte en bevoegdhede tussen 1 Maart en 31 Desember van die betrokke jaar te verrig.

## **HOOFSTUK 5: STUDENTEPARLEMENT**

### **Deel 5.1: Algemeen**

### **58. Aard van die Studenteparlement**

- (1) Die Studenteparlement is 'n onafhanklike forum wat as oogmerk het om gesprekvoering oor studenteaangeleenthede tussen studenteleiers en ander studente te fasiliteer wat die vorm van openbare terugvoering of konsultasie kan aanneem.

- (2) Die Studenteparlement het ook ten doel om te verseker dat die SR, Primkomitee, ABR, Senior Primkomitee, TSR en Verenigingsraad hulle mandaat ingevolge hierdie Grondwet vervul en dat hulle verantwoordbaar en deursigtig handel.
- (3) Die Studenteparlement fasiliteer samewerking onder studenteierskap aan die US en fokus op beleidshersiening en -ontwikkeling in soverre dit studenteierskap aangaan.
- (4) Die Studenteparlement is die forum waar wysigings aan hierdie Grondwet bespreek en goedgekeur moet word.
- (5) Die US het 'n tweekamer-Studenteparlement. Dit bestaan uit die Studentevergadering en die Studente-imbizo.

## Deel 5.2: Studentevergadering

### 59. Die Studentevergadering

- (1) Die Studentevergadering is opgerig as 'n onafhanklike liggaam wat slegs aan hierdie Grondwet onderworpe is, en aan die institusionele reëls wat op die Vergadering se funksies betrekking het.
- (2) Die Studentevergadering dien as gespreksforum vir studente-aangeleenthede tussen studenteiers en ander studente, wat die vorm van openbare terugvoering of konsultasie kan aanneem.

### 60. Verantwoordelikhede van die Studentevergadering

Die Studentevergadering moet –

- (1) samewerkende oorsigbestuur en die Universiteit se waardes onder studentestrukture bevorder;
- (2) aan die wetgewende proses soos in hierdie Grondwet uiteengesit, deelneem;
- (3) kwessies rakende die nakoming van die bepalings van hierdie Grondwet moniteer en hulle daarvoor beywer, en mense daarvoor opvoed en adviseer; en
- (4) gesprekvoering fasiliteer oor aangeleenthede wat vir die studentegemeenskap belangrik is.

### 61. Jurisdiksie van die Studentevergadering

Die Studentevergadering het jurisdiksie slegs oor die strukture wat ingevolge hierdie Grondwet ingestel is.

### 62. Funksies en bevoegdhede van die Studentevergadering

Die Studentevergadering het die onderstaande bevoegdhede, onderhewig aan die Vergadering se reëls en hierdie Grondwet –

- (1) om hierdie Grondwet te wysig ooreenkomstig die proses soos in hierdie Grondwet uiteengesit;
- (2) om enige lid van die strukture wat ingevolge hierdie Grondwet ingestel is, te daag om persoonlik voor die Vergadering te verskyn om enige handeling of werksaamheid deur die persoon verrig, of die gebrek daaraan, by 'n byeenkoms van die Studentevergadering te verduidelik;

- (3) om petisies, versoë of voorleggings vanaf enige persoon of studentestruktuur te ontvang;
- (4) om enige bindende besluite te neem waaraan die SR, ABR, Verenigingsraad, Primkomitee, TSR en Senior Primkomitee gebonde is tensy hierdie Grondwet anders bepaal en indien sodanige besluit aangeneem word met 'n 80%-meerderheid van minstens 100 stemme wat uitgebring is;
- (5) om een of meer SR-lede te versoek om enige handeling of werksaamheid deur hulle verrig, of die gebrek daaraan, persoonlik by 'n byeenkoms van die Studentevergadering te kom verduidelik;
- (6) om 'n mosie van wantroue in een of meer SR-lede in te stel, onderhewig aan die Studente-imbizo se besluit – wat geneem moet word binne sewe (7) dae nadat die mosie aanvaar is – of die betrokke SR-lid/-lede vervolgbaar is;
- (7) om 'n lys breë prioriteite op te stel voordat die inkomende SR verkies word, wat die SR moet nastreef in die samestelling van hulle begroting en die beplanning van hulle bedrywighede;
- (8) om buitengewone vergaderings te belê;
- (9) om taakspanne aan te stel om bepaalde aangeleenthede te bespreek en te ondersoek, en aan die Studentevergadering terugvoering te gee en aanbevelings te maak;
- (10) om enige ander maatreëls in te stel om te verseker dat die Vergadering hulle mandaat doeltreffend vervul; en
- (11) om beleidsveranderinge aan te beveel by die strukture wat ingevolge hierdie Grondwet opgerig is, en wat 'n verslag aan die Studentevergadering moet voorlê indien sodanige aanbevelings nie gaan deurgevoer word nie, met opgawe van redes.
- (12) Die bevoegdhede wat hier bo uiteengesit word, is daaraan onderhewig dat die Studentevergadering reëls instel en aanvaar wat –
  - (a) die prosedures uiteensit wat in die uitoefening van hierdie bevoegdhede gevolg moet word, en
  - (b) deur die Studentehof goedgekeur moet word voordat dit in werking tree.

### **63. Lidmaatskap van die Studentevergadering**

- (1) Die Studentevergadering bestaan uit –
  - (a) alle SR-lede,
  - (b) agt (8) lede van die ABR,
  - (c) agt (8) lede van die Primkomitee,
  - (d) agt (8) lede van die Verenigingsraad,
  - (e) twee (2) huiskomiteelede uit elke kluster,
  - (f) twee (2) huiskomiteelede uit die Senior Primkomitee,
  - (g) een (1) lid van die Uitvoerende Komitee: Klusters,
  - (h) een (1) lid van die Tygerberg Studenteparlement,
  - (i) een (1) lid uit elke fakulteitskomitee,
  - (j) tien (10) lede van verenigingskomitees, wat deur die Verenigingsraad aangewys word, en
  - (k) alle studente wat die betrokke sitting van die Studentevergadering bywoon.

- (2) Die betrokke ex officio-strukture moet 'n week nadat die Komitee van die Studentevergadering se ampstermyn begin het, 'n lys van die lede soos in artikel 63(1)(a) tot (j) beskryf aan die Speaker van die Studentevergadering voorlê.
- (3) Die Studentevergadering moet redelike maatreëls tref om te sorg dat lede soos in artikel 63(1)(a) tot (j) beskryf, in staat is om sittings van die Vergadering by te woon.
- (4) Geen persoon mag op dieselfde tydstip meer as een (1) posisie beklee nie.
- (5) Indien 'n lid van die Studentevergadering nie meer hulle pligte kan nakom nie, moet die Komitee van die Studentevergadering sorg dat die vakature gevul word.

#### **64. Speaker van die Studentevergadering**

Die Studentevergadering verkies elke jaar 'n Speaker, wie se pligte die volgende insluit –

- (1) om te sorg dat plenêre sessies plaasvind;
- (2) om te verseker dat 'n agenda opgestel word en ten minste een (1) week voor die betrokke plenêre sessie aan alle studente beskikbaar gestel word;
- (3) om te verseker dat die notule van plenêre sessies binne twee (2) weke na elke sodanige sessie beskikbaar gestel word;
- (4) om by byeenkomste van die Studentevergadering leiding te neem op 'n manier wat onpartydig is en wat ordelike en demokratiese debatvoering bevorder; en
- (5) om as voorsitter by die Studentevergadering te funksioneer.

#### **65. Komitee van die Studentevergadering**

- (1) Die Komitee van die Studentevergadering bestaan uit die Speaker en minstens vier (4) ander lede wat verkies of aangewys word volgens 'n prosedure wat deur die Studentevergadering bepaal is.
- (2) Die Sameroeper van die Studente-imbizo moet 'n ex officio-lid van die Komitee wees.
- (3) Die Komitee van die Studentevergadering is daarvoor verantwoordelik om te sorg dat die Studentevergadering hulle mandaat vervul, onder meer deur redelike maatreëls te tref wat deelname deur verpligte lede sowel as studente sal verseker.

#### **66. Grondwette, reëls en regulasies**

- (1) Die Studentevergadering mag grondwette, reëls of regulasies aanneem om die Vergadering se bedrywigheede te organiseer.
- (2) Sodanige grondwette, reëls of regulasies is aan goedkeuring deur die Studentehof onderhewig, en die Hof kan dit op grond die onderstaande redes na die Studentevergadering terugverwys –
  - (a) prosedurele onbillikheid,
  - (b) onversoenbaarheid met die Studenteparlement se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of met die raamwerk van studenteleierskap binne die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.



## Deel 5.3: Die Studente-imbizo

### 67. Die Studente-imbizo

- (1) Die Studente-imbizo is opgerig as 'n onafhanklike struktuur wat slegs aan hierdie Grondwet onderworpe is, en aan die institusionele reëls in soverre dit op die Imbizo se funksies toepaslik is.
- (2) Die Studente-imbizo moet onpartydig wees en hulle bevoegdhede en verantwoordelikhede sonder vrees, begunstiging of vooroordeel verrig.
- (3) Alle strukture wat ingevolge hierdie Grondwet ingestel word moet die Studente-imbizo deur middel van wetgewing en ander maatreëls bystaan en beskerm om die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid en doeltreffendheid van die Imbizo te verseker.

### 68. Verantwoordelikhede van die Studente-imbizo

Die Studente-imbizo moet –

- (1) samewerkende oorsigbestuur en die Universiteit se waardes onder studentestrukture bevorder;
- (2) aan die wetgewende proses soos in hierdie Grondwet uiteengesit, deelneem;
- (3) kwessies rakende die nakoming van die bepalings van hierdie Grondwet moniteer en hulle daarvoor beywer, en mense daarvoor opvoed en adviseer;
- (4) die nakoming van Universiteitsreëls en -riglyne en voldoening aan hierdie Grondwet moniteer en assesser; en
- (5) minstens een (1) keer per maand byeenkom.

### 69. Jurisdiksie van die Studente-imbizo

Die Studente-imbizo –

- (1) het beperkte jurisdiksie oor die strukture wat ingevolge hierdie Grondwet ingestel is;
- (2) mag nie besluite van die Studentehof ondersoek nie;
- (3) mag slegs gedrag ondersoek wat verband hou met die verrigting of versuim van die pligte van studenteleiers in strukture wat ingevolge hierdie Grondwet opgerig is; en
- (4) mag gedrag bespreek en resolusies daarvoor aanneem slegs as dit verband hou met die verrigting of versuim van die pligte van studenteleiers of -strukture wat ingevolge hierdie Grondwet opgerig is.

### 70. Funksies en bevoegdhede van die Studente-imbizo

- (1) Tensy hierdie Grondwet anders vermeld, is regstellende optrede deur die Studente-imbizo bindend op die SR, ABR, Verenigingsraad, Primkomitee, Senior Primkomitee en TSR aan die onderstaande onderhewig –
  - (a) dat daar 'n ondersoek na beweerde wangedrag, onbevoegdheid en/of nalatigheid moet wees;
  - (b) dat die regstellende optrede proporsioneel tot die wangedrag, onbevoegdheid en/of nalatigheid moet wees;
  - (c) dat 75% van die Studente-imbizo met die remediërende optrede moet akkoord gaan.

- (2) Die Studente-imbizo mag enige student daag om voor die Imbizo te verskyn om hulle optrede of werksaamhede, of die gebrek daaraan, persoonlik by 'n byeenkoms van die Studente-imbizo te kom verduidelik.

Die kategorieë studente wat aan hierdie bevoegdheid onderworpe is, is beperk tot –

- (a) lede van die strukture wat ingevolge hierdie Grondwet opgerig is;
  - (b) enige student wat 'n openbare funksie verrig, met inbegrip van alle komitees en forums waar studente deur ander studente verteenwoordig word; en
  - (c) enige student wat 'n amp beklee wat posisionele gesag of verteenwoordiging behels.
- (3) Die Studente-imbizo mag enige gedrag wat met die verrigting van die posisionele funksies van 'n studenteleier verband hou en wat na bewering of vermoedelik onvanpas is, of enige onvanpaste of nadelige gevolg inhou, ondersoek en daarvoor verslag doen.
- (4) Die Studente-imbizo mag enige gedrag deur 'n studenteleier wat 'n amp beklee en wat na bewering of vermoedelik 'n oortreding van die tersaaklike interne beleide, reëls, of die Studentegrondwet daarstel, ondersoek en daarvoor verslag doen.
- (5) Die Studente-imbizo mag as bemiddelaar of arbiter optree binne en onderling tussen die strukture wat ingevolge hierdie Grondwet opgerig is, mits die betrokke partye daartoe instem. Die arbitrasietoekenning is bindend op die partye.
- (6) Die Studente-imbizo mag mosies van wantroue in SR-lede hersien en bepaal of die betrokke lede uit hulle amp onthef moet word of nie.
- (7) Die Studente-imbizo mag lede van die SR, ABR, Verenigingsraad, Primkomitee, Senior Primkomitee en TSR vervolgbaar verklaar op grond daarvan dat hulle nie hulle verpligtings ingevolge die Grondwet vervul nie. Hierdie bevoegdheid is onderhewig aan hersiening deur die Studentehof.
- (8) Die Studente-imbizo mag gereeld verhore met die oog op openbare verantwoordbaarheid hou waar lede van die SR, ABR, Verenigingsraad, Primkomitee, Senior Primkomitee en TSR verslae voorlê en getuienis aflê oor die prestasie van die strukture wat hulle verteenwoordig.
- (9) Die Studente-imbizo mag alle voorgestelde wysigings aan die Studentegrondwet ontvang en oorweeg, en moet dit binne sewe (7) dae na ontvangs aan die Studentevergadering vir aanvaarding voorlê.
- (10) Die Studente-imbizo mag enige ander maatreëls instel om te verseker dat die Imbizo hulle mandaat doeltreffend vervul.
- (11) Die bevoegdhede soos hier bo uiteengesit is onderhewig daaraan dat die Studente-imbizo reëls opstel en aanneem wat –
- (a) die prosedures uiteensit wat in die uitoefening van hierdie bevoegdhede gevolg moet word, en
  - (b) deur die Studentehof goedgekeur moet word voordat dit in werking tree.

## **71. Lidmaatskap van die Studente-imbizo**

- (1) Die Studente-imbizo bestaan uit afgevaardigdes wat na eie diskresie deur die volgende strukture aangestel word –
- (a) een (1) student vanuit die SR,
  - (b) een (1) student vanuit die ABR,

- (c) een (1) student vanuit die Primkomitee,
  - (d) een (1) student vanuit die Verenigingsraad,
  - (e) een (1) student vanuit die Senior Primkomitee,
  - (f) een (1) student vanuit die Tygerberg Studenteparlement,
  - (g) een student vanuit die TSR, en
  - (h) een (1) student vanuit die Studentevergadering.
- (2) Die onderstaande persone is spesiale afgevaardigdes by die Studente-imbizo, en mag hulle bevoegdhede uitoefen slegs indien hulle by 'n Imbizo-geleentheid teenwoordig is –
- (a) twee (2) studente uit fakulteitskomitees, wat deur die ABR aangewys word maar nie ABR-lede is nie,
  - (b) twee (2) studente uit huiskomitees, wat deur die Primkomitee en Senior Primkomitee aangewys word maar nie lede van die Primkomitee of die Senior Primkomitee is nie, en
  - (c) twee (2) studente uit die uitvoerende komitees van verenigings, wat deur die Verenigingsraad aangewys word maar nie Verenigingsraad-lede is nie.
- (3) Geen persoon mag op dieselfde tydstip meer as een (1) posisie beklee nie.
- (4) Indien 'n lid van die Studente-imbizo nie meer hulle pligte kan nakom nie, moet die Komitee vir die Studente-imbizo sorg dat die vakature gevul word.

## **72. Die Sameroeper van die Studente-imbizo**

Die Studente-imbizo verkies elke jaar 'n Sameroeper, wie se pligte die volgende insluit –

- (1) om te sorg dat byeenkomste van die Studente-imbizo plaasvind;
- (2) om te verseker dat 'n agenda opgestel word en ten minste een (1) week voor die Studente-imbizo aan alle studente beskikbaar gestel word;
- (3) om te verseker dat die notule van die Studente-imbizo binne twee (2) weke na elke vergadering beskikbaar gestel word;
- (4) om die leiding by vergaderings van die Studente-imbizo te neem op 'n manier wat onpartydig is en ordelike en demokratiese debatvoering bevorder;
- (5) as voorsitter van die Komitee vir die Studente-imbizo optree; en
- (6) ex officio in die Uitvoerende Komitee: Studentevergadering dien.

## **73. Komitee vir die Studente-imbizo**

- (1) Die Komitee vir die Studente-imbizo bestaan uit die Sameroeper en minstens twee (2) ander lede, wat die Sameroeper uit die afgevaardigdes in die Studente-imbizo aanstel volgens 'n prosedure wat deur die reëls van die Imbizo bepaal word.
- (2) 'n Adjunkspeaker van die Studentevergadering moet ex officio in die Imbizo dien.
- (3) Die Komitee vir die Studente-imbizo is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die Imbizo hulle mandaat vervul, en dié verantwoordelikheid sluit in om redelike maatreëls in te stel om deelname deur afgevaardigdes te verseker.

## **74. Grondwette, reëls en regulasies**

- (1) Die Studente-imbizo mag enige grondwette, reëls of regulasies aanneem om hulle werksaamhede te organiseer.

- (2) Sodanige grondwette, reëls of regulasies is onderhewig aan goedkeuring deur die Studentehof en kan deur die Hof na die Studente-imbizo terugverwys word op grond van –
- (a) prosedurele onbillikheid, of
  - (b) onversoenbaarheid met die Studenteparlement se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of met die raamwerk van studenteleierskap binne die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.

## HOOFSTUK 6: STUDENTEHOF

### 75. Aard en funksionering van die Studentehof

- (1) Die Studentehof –
  - (a) funksioneer as 'n administratiewe tribunaal; en
  - (b) is onafhanklik – onderworpe slegs aan hierdie Grondwet, wat die Studentehof onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas.
- (2) Alle studenteliggame moet saamwerk om die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid en toeganklikheid van die Studentehof te verseker.

### 76. Benoeming en aanstelling van Studentehof-lede

- (1) Die Hoofregter moet drie (3) weke voor die einde van die derde akademiese kwartaal benoemings vir lede van die Studentehof by alle regstudente en -dosente aanvra.
- (2) Die kennisgewing oor benoemings moet duidelik geadverteer word onder alle studente wat aan die vereistes voldoen, hetsy deur middel van elektroniese kommunikasie of andersins.
- (3) Daar moet minstens sewe (7) dae geleentheid vir benoemings wees.
- (4) Lede van die Studentehof word aangestel deur 'n komitee wat deur die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangewys word.

Die Aanstellingskomitee moet uit die volgende lede bestaan:

- (a) die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid of die Dekaan se aangewese afgevaardigde,
  - (b) die dienende Hoofregter van die Studentehof, mits die posbekleër nie herbenoem is nie,
  - (c) twee (2) lede van die Fakulteitsraad van die Fakulteit Regsgeleerdheid, en
  - (d) twee (2) studente wat deur die SR aangewys is.
- (5) Die Hoofregter moet die benoemings aan die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid voorlê voordat die vierde akademiese kwartaal begin.

### 77. Samestelling en lidmaatskap

- (1) Die Studentehof bestaan uit vyf (5) studente wat vir LLB ingeskryf is of oor 'n LLB beskik, met dien verstande dat –
  - (a) dit minstens een (1) en hoogstens twee (2) LLB-studente moet insluit wat in die jaar wat op hulle aanstelling volg, in hulle voorlaaste studiejaar sal wees;
  - (b) dit minstens twee (2) en hoogstens vier (4) LLB-studente moet insluit wat in die jaar wat op hulle aanstelling volg, in hulle finale studiejaar sal wees; en
  - (c) dit hoogstens een (1) student moet insluit wat reeds 'n LLB verwerf het en aan die US ingeskryf is.
- (2) Geen lid van die Studentehof mag 'n posisionele studenteier wees nie, buiten in posisies wat deur hierdie Grondwet toegelaat word.
- (3) Lidmaatskap van die Studentehof eindig wanneer –
  - (a) die lid se ampstermyn verstryk;

- (b) die lid afsterf;
- (c) die lid 'n skriftelike bedanking aan die Hoofregter van die Studentehof of die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid voorlê;
- (d) die lid ophou om 'n ingeskrewe US-student te wees; of
- (e) die lid ingevolge artikel 78 uit die posisie ontslaan word.

#### **78. Ontslag**

- (1) 'n Lid mag deur die Studente-imbizo vervolg word ingevolge 'n resoluëie wat deur twee derdes van die lede ondersteun word, indien die betrokke lid –
  - (a) 'n reël of kode wat in die Dissiplinêre Kode van die Universiteit Stellenbosch vervat is, oortree het; of
  - (b) by meer as twee (2) geleenthede versuim het om hulle pligte as lid van die Studentehof te verrig en nie 'n geldige verskoning vir sodanige versuim kan verstrek nie.
- (2) Vervolging ingevolge artikel 78(1) tree in werking eers nadat die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid dit goedgekeur het.

#### **79. Aanstelling van 'n nuwe lid**

- (1) Indien 'n lid se lidmaatskap voor die verstryking van hulle ampstermyn beëindig word, moet die Hoofregter binne vyf (5) Universiteitsdae nadat die persoon se bedanking ontvang is, benoemings vir 'n plaasvervanger aanvra.
- (2) Daar moet minstens sewe (7) dae geleentheid vir benoemings wees.
- (3) Die Hoofregter moet die benoemings aan die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid voorlê –
  - (a) waarop die Dekaan dit binne sewe (7) dae na ontvangs aan die Aanstellingskomitee moet voorlê.
- (4) Die Aanstellingskomitee moet binne sewe (7) dae nadat hulle byeengeroep is 'n nuwe lid aanstel.
- (5) Indien die Hoofregter bedank, moet die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid 'n tussentydse Hoofregter aanstel totdat 'n nuwe Hoofregter verkies is.
- (6) Die tussentydse Hoofregter moet benoemings vir 'n nuwe lid aanvra, en die prosedure ingevolge artikel 79(1) tot (3) moet gevolg word.
- (7) Die Hoofregter moet binne tien (10) dae na die aanstelling van die nuwe lid van die Studentehof verkies word tydens 'n vergadering wat deur die tussentydse Hoofregter belê is.

#### **80. Komitee vir die Studentehof**

- (1) Die lede van die Studentehof verkies die Komitee vir die Studentehof vanuit eie geledere, wat soos volg saamgestel word –
  - (a) die Hoofregter van die Studentehof,
  - (b) die Adjunkhoofregter van die Studentehof,
  - (c) die Sekretaris van die Studentehof, en

- (d) twee (2) bykomende lede, aan die hand van die portefeuljes soos in hulle Gedragskode uiteengesit.
- (2) Die Komitee vir die Studentehof moet binne tien (10) dae na die aanstelling van die Studentehoflede verkies word tydens 'n vergadering wat deur die voormalige voorsitter van die Studentehof belê is.
- (3) Die Komitee vir die Studentehof moet binne tien (10) dae nadat die Hoofregter aangestel is 'n gedragskode aanvaar wat –
  - (a) die bevoegdhe, pligte, funksies en privilegies van Studentehoflede omskryf.

### **81. Ampstermyn**

Die ampstermyn van die Studentehof begin wanneer die Aanstellingskomitee die lede aangestel het, en verstryk wanneer die Aanstellingskomitee die nuwe lede aangestel het, onderhewig aan artikel 82.

### **82. Huidige Studentehofrol**

Indien daar onafgehandelde uitsprake of sake is –

- (1) moet die uitgaande Studentehof dit afhandel voordat hulle hulle amp ontruim; of
- (2) moet die Studentehofreëls gebeurlikheidsplanne instel vir sake wat nog hangende is wanneer die ampsoorgang van Studentehoflede plaasvind.

### **83. Verantwoordelikhede**

Buiten die bylegging van geskille wat binne die jurisdiksie van die Studentehof val, het die Hof ook die volgende verantwoordelikhede

- (1) om grondwette, reëls, regulasies en wysigings goed te keur wat met die Studentegrondwet strook, en wat
  - (a) die Studentehof binne een (1) maand nadat die betrokke dokumentasie ontvang is, moet hersien; en
- (2) opleiding verskaf soos in die Studentegrondwet voorgeskryf.

### **84. Jurisdiksie van die Studentehof**

Die Studentehof beskik oor die bevoegdheid om –

- (1) 'n vertolking te gee of die vertolking van 'n party voor die Studentehof te bevestig ten opsigte van –
  - (a) hierdie Grondwet, en
  - (b) enige bevoegdheidbepalings ingevolge waarvan 'n studenteliggaam of lid van 'n studenteliggaam hulle bevoegdhe uitoefen;
- (2) oor die grondwetlikheid van enige handeling of versuim deur 'n studenteliggaam of 'n lid daarvan te beslis;
- (3) enige besluit van 'n studenteliggaam of 'n lid daarvan te hersien waarvolgens die regte of wettige verwagtings van 'n student of groep studente wesenlik en nadelig geraak word;
- (4) 'n finale besluit te neem oor enige aangeleentheid waartoe die partye tot die jurisdiksie van die Studentehof toestem; en
- (5) te beslis oor alle ander sake wat ingevolge hierdie Grondwet onder die jurisdiksie van die Studentehof ressorteer.

## **85. Remedies**

Die Studentehof kan –

- (1) 'n interdik of enige ander tussentydse remedie toestaan indien wesenlike onreg andersins sou veroorsaak word;
- (2) 'n verklarende bevel uitreik;
- (3) enige besluit of handeling wat met hierdie Grondwet of met 'n grondwet, beleid, regulasie of enige bevoegdheidsbepaling van 'n studenteliggamstrydig is, tersyde stel in soverre dit met die betrokke bepaling strydig is; met dien verstande dat, indien sodanige besluit of handeling tersyde gestel word –
  - (a) die terugwerkende krag van die bevel sover moontlik moet beperk word, en
  - (b) die bevel vir 'n vasgestelde tydperk of op enige voorwaardes opgeskort kan word sodat die betrokke persoon of liggaam in staat kan wees om die fout reg te stel; en
- (4) enige bevel uitreik, wat ook 'n kombinasie van bogenoemde regsremedies mag behels, wat regverdig en billik is.

## **86. Aansoeke by en verskyning voor die Studentehof**

Alle studente en studenteliggame kan sake voor die Studentehof bring, en slegs studente en studentestrukture mag sake bring, tensy –

- (1) hierdie Grondwet aan 'n ander persoon of liggaam die reg gee om voor die Hof te verskyn; of
- (2) al die partye voor die Hof instem om aan 'n ander persoon of liggaam verskyningsreg toe te staan.

## **87. Prosedure van die Studentehof**

- (1) Die Studentehof bepaal hulle eie prosedure, met behoorlike inagneming van –
  - (a) prosedurele regverdigheid; en
  - (b) die vereiste dat die Studentehof toeganklik moet wees.
- (2) Die Studentehof moet, na oorlegpleging met die SR en onderhewig aan goedkeuring deur die Appèlhof, reëls aanneem waarin die Hof se prosedure uiteengesit word en wat ten minste die volgende moet bepaal –
  - (a) dat, nadat die Studentehof 'n aansoek ontvang het, die Hoofregter moet toesien dat enige persoon wat 'n wesenlike belang in die verrigtinge het, daarvan in kennis gestel word; en
  - (b) dat kennisgewing van enige verhoor betyds bekendgemaak moet word.
- (3) Die reëls bedoel in artikel 87(2) en die identiteit en kontakbesonderhede van die Studentehofvoorsitter moet aan alle studente vrylik beskikbaar wees, in elektroniese sowel as hardekopieformaat.

## **88. Verteenwoordiging in die Studentehof**

- (1) Enige party wat voor die Studentehof verskyn, mag met of sonder verteenwoordiging verskyn.
- (2) Slegs studente mag as verteenwoordigers voor die Studentehof optree.



**89. Beslissings deur die Studentehof**

- (1) Die Studentehof se beslissings is bindend.
- (2) Die Studentehof moet skriftelike redes vir beslissings verstrek, wat deur alle Studentehoflede onderteken moet word.
- (3) Waar 'n minderheid lede van die Studentehof nie met die meerderheid saamstem nie, moet die minderheid skriftelike redes vir hulle afwykende mening verstrek.
- (4) Alle beslissings deur die Studentehof moet so spoedig moontlik nadat uitspraak gelewer is elektronies aan alle studente beskikbaar gestel word.
- (5) Die Hoofregter moet toesien dat alle beslissings deur die Studentehof in 'n elektroniese databasis gestoor word en dat alle studente geredelik toegang tot vorige beslissings deur die Hof kan verkry.

## HOOFSTUK 7: DIE APPÈLHOF

### **90. Samestelling van die Appèlhof**

Die Appèlhof bestaan uit twee (2) dosente aan die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat deur die Dekaan van die Fakulteit aangestel word.

### **91. Jurisdiksie van die Appèlhof**

Die Appèlhof –

- (1) verhoor appèlle teen beslissings deur die Studentehof;
- (2) kan enige beslissing of versuim deur die Studentehof hersien;
- (3) kan besluite van die Evalueeringspaneel hersien; en
- (4) kan beslis oor enige ander aangeleenthede wat ingevolge hierdie Grondwet onder die Appèlhof se jurisdiksie ressorteer.

### **92. Aantekening van appèl en aansoeke om hersiening deur die Appèlhof**

- (1) 'n Appèl of 'n aansoek om hersiening deur die Appèlhof moet by die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid ingedien word, wat die Appèlhof sal aanstel.
- (2) Die appèl moet aangeteken word binne vyf (5) dae nadat die beslissing geneem is waarteen daar geappelleer word of wat hersien moet word, tensy hierdie Grondwet anders bepaal.

### **93. Prosedure van die Appèlhof**

Die Appèlhof se prosedure is dieselfde as dié van die Studentehof, dienooreenkomstig aangepas.

## HOOFSTUK 8: DIE AKADEMIESEBELANGERAAD

### 94. Samestelling

- (1) Die ABR bestaan uit:
  - (a) die Voorsitter en die Uitvoerende Komitee: ABR, met die regte wat ingevolge die ABR-grondwet aan hulle toegeken word;
  - (b) twee (2) studente vanuit elke fakulteit;
  - (c) enige addisionele lede waarvoor die ABR-grondwet voorsien.
- (2) Die Voorsitter van die ABR word aangewys soos in die ABR-grondwet voorgeskryf, en die verkiesing van die Voorsitter word deur die Verkiesingskommissie ooreenkomstig artikel 22 hanteer.
- (3) ABR-lede word verkies soos in die ABR-grondwet voorgeskryf.

### 95. Pligte en bevoegdhede

- (1) Die ABR verteenwoordig die akademiese belange van studente in die SR en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die ABR is 'n outonome struktuur vir studenteverteenwoordiging en beskik oor die bevoegdhede wat nodig is om hulle pligte uit te voer.
- (3) Besluite deur die ABR is bindend op alle fakulteitskomitees, onderhewig aan die ABR-grondwet.

### 96. Grondwetlike mandaat

Die ABR het 'n mandaat ingevolge hierdie Grondwet om:

- (1) studenteregte wat in Hoofstuk 2 vervat is, doelgerig te bevorder – spesifiek die reg, ingevolge artikel 8(2), op gehalteonderwys, akademiese ondersteuning, en deursigtige en regverdigbare assesseringsprosedures; en
- (2) te dien as forum vir fakulteitskomiteeleiers met die oogmerk om die belange van alle studente te beskerm en te bevorder deur die SR via die Voorsitter van die ABR van raad te bedien.

### 97. Grondwette, reëls en regulasies

- (1) Die ABR-grondwet is bindend op alle fakulteitskomitee-grondwette.
- (2) Die ABR mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studentehof, enige grondwette, reëls of regulasies – of wysigings daaraan – aanvaar wat die ABR se werksaamhede bereël.
- (3) Die Studentehof mag weier om nuwe grondwette, reëls, regulasies of wysigings wat deur die ABR voorgelê is, te aanvaar, en wel op grond van –
  - (a) prosedurele onregverdigheid, en
  - (b) onversoenbaarheid met die ABR se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of met die raamwerk van studenteierskap aan die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.
- (4) Die ABR mag hulle tot die Appèlhof wend in geval van 'n weiering deur die Studentehof kragtens artikel 97(2).

- (5) Die ABR moet 'n komitee instel met die doel om grondwette, reëls, regulasies – of wysigings daaraan – goed te keur wat deur fakulteitskomitees aangeneem is.
- (a) Alle grondwette, reëls, regulasies of wysigings van fakulteitskomitee-grondwette moet deur die vermelde komitee goedgekeur word.
  - (b) Hierdie ABR-komitee moet verpligte opleiding ontvang wat deur die Studentehof gefasiliteer word om die lede toe te rus met die vaardighede wat vir die verrigting van dié komitee se pligte nodig is.
  - (c) Appèl teen besluite van die komitee moet geskied volgens die prosedure soos in die ABR-grondwet uiteengesit.

## HOOFSTUK 9: DIE PRIMKOMITEE

### 98. Samestelling

- (1) Die Primkomitee bestaan uit –
  - (a) die Voorsitter en die Uitvoerende Komitee: Primkomitee, met die regte aan hulle toegeken deur die grondwet van die Primkomitee,
  - (b) die prim van elke koshuis en PSO-wyk, of die prim se verteenwoordiger, en
  - (c) enige addisionele lede waarvoor die Primkomitee-grondwet voorsien.
- (2) Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Primkomitee word aangewys soos in die Primkomitee-grondwet voorgeskryf, en die Verkiesingskommissie hanteer die verkiesings ooreenkomstig artikel 22.

### 99. Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Primkomitee verteenwoordig die belange van die inwoners van koshuise en lede van PSO-wyke, in daardie hoedanigheid, in die SR en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Primkomitee is 'n outonome struktuur vir studenteverteenwoordiging en beskik oor die bevoegdhede wat nodig is om hulle pligte uit te voer.
- (3) Die Primkomitee se besluite is bindend op alle huiskomitees van huise wat deel van die Primkomitee uitmaak.

### 100. Grondwetlike mandaat

Die Primkomitee het 'n mandaat ingevolge hierdie Grondwet om:

- (1) die regte van studente soos vervat in Hoofstuk 2 doelgerig te bevorder – spesifiek die reg, ingevolge artikel 8(1), op 'n bemagtigende kampusomgewing waarin studentesukses en akademiese uitnemendheid aangemoedig en nagestreef word; en
- (2) te dien as forum vir huiskomitee-eiers met die oogmerk om die belange van alle studente te beskerm en te bevorder deur die SR via die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Primkomitee van raad te bedien.

### 101. Grondwette, reëls en regulasies

- (1) Die Primkomitee-grondwet is bindend op alle huiskomitee-grondwette van huise wat deel van die Primkomitee uitmaak.
- (2) Die Primkomitee mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studentehof, enige grondwette, reëls of regulasies – of wysigings daaraan – aanvaar wat die Komitee se werksaamhede bereël.
- (3) Die Studentehof mag weier om nuwe grondwette, reëls, regulasies of wysigings wat deur die Primkomitee voorgelê is, te aanvaar, en wel op grond van –
  - (a) prosedurele onregverdigheid, en
  - (b) onversoenbaarheid met die Primkomitee se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of met die raamwerk van studente-eierskap aan die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.
- (4) Die Primkomitee mag hulle tot die Appèlhof wend in geval van 'n weiering deur die Studentehof kragtens artikel 101(2).

- (5) Die Primkomitee moet 'n komitee instel met die doel om grondwette, reëls, regulasies – of wysigings daaraan – goed te keur wat deur huiskomitees aanvaar is.
- (a) Alle grondwette, reëls, regulasies of wysigings van huiskomitee-grondwette moet deur die vermelde komitee goedgekeur word.
  - (b) Hierdie komitee van die Primkomitee moet verpligte opleiding ontvang wat deur die Studentehof gefasiliteer word om die lede toe te rus met die vaardighede wat vir die verrigting van dié komitee se pligte nodig is.
  - (c) Appèl teen besluite van die komitee moet geskied volgens die prosedure soos in die Primkomitee-grondwet uiteengesit.

## HOOFSTUK 10: DIE SENIOR PRIMKOMITEE

### 102. Samestelling

- (1) Die Senior Primkomitee bestaan uit –
  - (a) die Voorsitter en die Uitvoerende Komitee: Senior Primkomitee, met die regte aan hulle toegeken deur die grondwet van die Senior Primkomitee,
  - (b) die prim uit elke senior koshuis, of die prim se verteenwoordiger,
  - (c) enige addisionele lede waarvoor die Senior Primkomitee se grondwet voorsien.
- (2) Die Voorsitter van die Senior Primkomitee word aangewys soos in die Senior Primkomitee se grondwet voorgeskryf, en die verkiesing van die Voorsitter word deur die Verkiesingskommissie ooreenkomstig artikel 22 hanteer.
- (3) Die Voorsitter moet vir minstens een (1) jaar 'n inwoner van 'n senior koshuis gewees het en moet uit die lede van die Senior Primkomitee verkies word.

### 103. Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Senior Primkomitee verteenwoordig die belange van die inwoners van senior koshuise, in daardie hoedanigheid, in die SR en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Senior Primkomitee is 'n outonome struktuur vir studenteverteenwoordiging en beskik oor die bevoegdhede wat nodig is om hulle pligte uit te voer.
- (3) Die Senior Primkomitee se besluite is bindend op alle huiskomitees van huise wat deel van die Senior Primkomitee uitmaak.

### 104. Grondwetlike mandaat

Die Senior Primkomitee het 'n mandaat ingevolge hierdie Grondwet om:

- (1) die regte van studente soos vervat in Hoofstuk 2 doelgerig te bevorder – spesifiek die reg, ingevolge artikel 8(1), op 'n bemagtigende kampusomgewing waarin studentesukses en akademiese uitnemendheid aangemoedig en nagestreef word; en
- (2) te dien as forum vir huiskomiteeëiers met die oogmerk om die belange van alle studente te beskerm en te bevorder deur die SR via die Senior Primkomitee van raad te bedien.

### 105. Grondwette, reëls en regulasies

- (1) Die Senior Primkomitee se grondwet is bindend op alle huiskomitee-grondwette van huise wat deel van die Senior Primkomitee uitmaak.
- (2) Die Senior Primkomitee mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studentehof, enige grondwette, reëls of regulasies – of wysigings daaraan – aanvaar wat die Komitee se werksaamhede bereël.
- (3) Die Studentehof mag weier om nuwe grondwette, reëls, regulasies of wysigings wat deur die Senior Primkomitee voorgelê is, te aanvaar, en wel op grond van –
  - (a) prosedurele onregverdigheid, en
  - (b) onversoenbaarheid met die Senior Primkomitee se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of met die raamwerk van studenteëierskap aan die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.

- (4) Die Senior Primkomitee kan by die Studentehof appelleer teen 'n weiering deur die SR ingevolge artikel 105(2).
- (5) Die Senior Primkomitee moet 'n komitee instel met die doel om grondwette, reëls, regulasies – of wysigings daaraan – goed te keur wat deur huiskomitees aanvaar is.
  - (a) Alle grondwette, reëls, regulasies of wysigings van huiskomitee-grondwette moet deur die vermelde komitee goedgekeur word.
  - (b) Hierdie komitee van die Senior Primkomitee moet verpligte opleiding ontvang wat deur die Studentehof gefasiliteer word om die lede toe te rus met die vaardighede wat vir die verrigting van dié komitee se pligte nodig is.
  - (c) Appèl teen besluite van die komitee moet geskied volgens die prosedure soos in die Senior Primkomitee se grondwet uiteengesit.



## HOOFSTUK 11: DIE VERENIGINGSRAAD

### 106. Samestelling

- (1) Die Verenigingsraad bestaan uit:
  - (a) die Voorsitter en die Uitvoerende Komitee: Verenigingsraad, met die stemreg soos deur die Verenigingsraad-grondwet aan hulle toegeken,
  - (b) die voorsitter van elke geregistreerde vereniging, en
  - (c) enige ander lede waarvoor die Verenigingsraad-grondwet voorsien.
- (2) Die Voorsitter van die Verenigingsraad word aangewys soos in die Verenigingsraad-grondwet voorgeskryf, en die verkiesing van die Voorsitter word deur die Verkiesingskommissie ooreenkomstig artikel 22 hanteer.

### 107. Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Verenigingsraad verteenwoordig die belange van alle erkende studenteverenigings en dié van die lede van alle erkende studenteverenigings aan die Universiteit, in daardie hoedanigheid, in die SR en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Verenigingsraad is 'n outonome struktuur vir studenteverteenwoordiging en beskik oor die bevoegdhede wat nodig is om hulle pligte uit te voer.
- (3) Besluite deur die Verenigingsraad is bindend op alle verenigings, onderhewig aan die Verenigingsraad-grondwet.

### 108. Grondwetlike mandaat

Die Verenigingsraad het 'n mandaat ingevolge hierdie Grondwet om:

- (1) die regte van studente soos vervat in Hoofstuk 2 doelgerig te bevorder – spesifiek die reg op vryheid van godsdienst, oortuiging en mening ingevolge artikel 9 en die reg op vryheid van assosiasie ingevolge artikel 12; en
- (2) te dien as forum vir verenigingsleiers met die doel om om die belange van alle studente te beskerm en te bevorder deur die SR via die Voorsitter van die Verenigingsraad van raad te bedien.

### 109. Grondwette, reëls en regulasies

- (1) Die Verenigingsraad-grondwet is bindend op alle verenigings se grondwette.
- (2) Die Verenigingsraad mag, onderhewig aan bekragtiging deur die Studentehof, enige grondwette, reëls of regulasies – of wysigings daaraan – aanvaar wat die Raad se werksaamhede bereël; met dien verstande dat –
  - (a) alle grondwetlike wysigings, reëls of regulasies wat die Verenigingsraad aanvaar, volledig in werking tree onderhewig aan tersydestelling ingevolge artikel 109(2).
- (3) Die Studentehof mag weier om nuwe grondwette, reëls, regulasies of wysigings wat deur die Verenigingsraad voorgelê is, te aanvaar, en wel op grond van –
  - (a) prosedurele onregverdigheid, en
  - (b) onversoenbaarheid met die Verenigingsraad se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of met die raamwerk van studenteierskap aan die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.

- (4) Die Verenigingsraad mag hulle tot die Appèlhof wend in geval van 'n weiering deur die Studentehof kragtens artikel 109(2).
- (5) Die Verenigingsraad moet 'n komitee instel met die doel om grondwette, reëls, regulasies – of wysigings daaraan – goed te keur wat deur verenigings aanvaar is.
  - (a) Alle grondwette, reëls, regulasies of wysigings van verenigings se grondwette moet deur die vermelde komitee goedgekeur word.
  - (b) Hierdie Verenigingsraad-komitee moet verpligte opleiding ontvang wat deur die Studentehof gefasiliteer word om die lede toe te rus met die vaardighede wat vir die verrigting van dié komitee se pligte nodig is.
  - (c) Appèl teen besluite van die komitee moet geskied volgens die prosedure soos in die Verenigingsraad-grondwet uiteengesit.

## HOOFSTUK 12: DIE MILITÊRE AKADEMIE STUDENTERAAD

### 110. Samestelling

- (1) Die Militêre Akademie SR bestaan uit –
  - (a) die Studentekaptein, en
  - (b) enige ander lede waarvoor die Militêre Akademie SR se grondwet voorsien.
- (2) Die aantal lede wat die Militêre Akademie SR uitmaak en die manier waarop die lede en Studentekaptein verkies word, word in die Militêre Akademie SR se grondwet bepaal.
- (3) Die verkiesing van die Militêre Akademie SR moet, tensy buitengewone omstandighede dit onmoontlik maak, met die SR-verkiesing van die Universiteit Stellenbosch saamval.

### 111. Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Militêre Akademie SR verteenwoordig die belange van alle studente wat hulle opleiding aan die Universiteit se Fakulteit Krygskunde ontvang, in daardie hoedanigheid, in die SR en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Militêre Akademie SR beskik oor die bevoegdhede wat nodig is om hulle pligte uit te voer.

### 112. Grondwetlike mandaat

Die Militêre Akademie SR het 'n mandaat ingevolge hierdie Grondwet om die studenteregte soos in Hoofstuk 2 vervat, doelgerig te bevorder.

### 113. Grondwette, reëls en regulasies

- (1) Die Militêre Akademie SR mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studentehof, enige grondwette, reëls of regulasies – of wysigings daaraan – aanvaar wat dié SR se werksaamhede bereël.
- (2) Die Studentehof mag weier om nuwe grondwette, reëls, regulasies of wysigings wat deur die Militêre Akademie SR voorgelê is, te aanvaar, en wel op grond van –
  - (a) prosedurele onregverdigheid, en
  - (b) onverenigbaarheid met die Militêre Akademie SR se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of die grondwetlike raamwerk van studenteleierskap aan die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.
- (3) Die Militêre Akademie SR mag hulle tot die Appèlhof wend in geval van 'n weiering deur die Studentehof kragtens artikel 113(2).

## HOOFSTUK 13: TYGERBERG STUDENTERAAD

### 114. Samestelling

- (1) Die TSR bestaan uit:
  - (a) die Voorsitter en die Uitvoerende Komitee: TSR, met die regte wat ingevolge die TSR-grondwet aan hulle toegeken word;
  - (b) enige ander lede waarvoor die TSR-grondwet voorsien.
- (2) Die Voorsitter van die TSR word aangewys soos in die TSR-grondwet voorgeskryf, en die verkiesing van die Voorsitter word deur die Verkiesingskommissie ooreenkomstig artikel 22 hanteer.
- (3) TSR-lede word verkies soos in die TSR-grondwet voorgeskryf.

### 115. Pligte en bevoegdhede

- (1) Die TSR verteenwoordig die belange van alle studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, in daardie hoedanigheid, in die SR en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die TSR is 'n outonome struktuur vir studenteverteenwoordiging en beskik oor die bevoegdhede wat nodig is om hulle pligte uit te voer.
- (3) Besluite deur die TSR is bindend op alle strukture wat ingevolge die TSR-grondwet ingestel is, onderhewig aan die TSR-grondwet.

### 116. Grondwetlike mandaat

Die TSR het 'n mandaat ingevolge hierdie Grondwet om:

- (1) doelgerig die studenteregte soos in Hoofstuk 2 vervat, te bevorder; en
- (2) te dien as forum vir studenteiers op die Tygerberg-kampus met die oogmerk om die belange van alle studente te beskerm en te bevorder deur die SR via die Voorsitter van die TSR van raad te bedien.

### 117. Grondwette, reëls en regulasies

- (1) Die TSR en die samestellende strukture daarvan mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studentehof, enige grondwette, reëls of regulasies – of wysigings daaraan – aanvaar wat die TSR se werksaamhede bereël.
- (2) Die Studentehof mag weier om nuwe grondwette, reëls, regulasies of wysigings wat deur die TSR voorgelê is, te aanvaar, en wel op grond van –
  - (a) prosedurele regverdigheid; of
  - (b) onverenigbaarheid met die TSR se mandaat ingevolge hierdie Grondwet of die raamwerk van studenteierskap aan die Universiteit ingevolge hierdie Grondwet.
- (3) Die TSR mag hulle tot die Appèlhof wend in geval van 'n weiering deur die Studentehof kragtens artikel 117(2).

## HOOFSTUK 14: VERKIESINGSKOMMISSIE

### Deel 14.1: Verkiesingskommissie

#### **118. Pligte en bevoegdhede van die Verkiesingskommissie**

- (1) Die Verkiesingskommissie het al die pligte en bevoegdhede wat hierdie Grondwet aan hulle toeken.
- (2) Die Verkiesingskommissie moet verseker dat elke student wat 'n stem uitbring, slegs een (1) keer in 'n bepaalde verkiesing stem en dat elke student wat 'n redelike poging daartoe aanwend, sal kan stem indien dit prakties uitvoerbaar is.
- (3) Die Verkiesingskommissie mag, bykomend tot die Studente Verkiesingswet, reëls skryf om behoorlike gedrag tydens verkiesings te verseker.

#### **119. Aanstelling en pligte van die Verkiesingskomitee**

- (1) Die Verkiesingskommissie moet elke jaar voor die einde van die tweede akademiese kwartaal minstens vyf (5) persone as Verkiesingskommissie-assistente aanstel. Die poste moet vir minstens twee (2) weke vooraf op die Stellenbosch-kampus geadverteer word.
- (2) Die Verkiesingskommissie-assistente moet, in samewerking met en onder toesig van die verkiesingskommissaris, toesien dat alle studenteierskapsverkiesings glad verloop.

#### **120. Ampstermyn**

Die Verkiesingskommissie se ampstermyn strek vanaf aanstelling totdat 'n finale Verkiesingskommissieverslag oor alle Studenteierskapsverkiesings aan alle betrokke partye voorgelê is. Dit mag nie langer duur as die einde van die vierde kwartaal van die jaar waarin die betrokke verkiesing plaasgevind het nie.

#### **121. Onafhanklikheid**

- (1) Die Verkiesingskommissie is 'n onafhanklike liggaam, en staan onder die gesag van geen studenteorganisasie of die Universiteitsbestuur nie.
- (2) Die Verkiesingskommissie moet hulle pligte onpartydig en sonder vooroordeel verrig.
- (3) Nie die Verkiesingskommissie of enige Verkiesingskomitee-assistente mag staan in die SR-verkiesing in die jaar waarin hulle aangestel is nie, selfs al hou hulle op om in hierdie hoedanigheid op te tree of word hulle vervang voordat die verkiesing plaasvind.

#### **122. Verslag**

Die Verkiesingskommissie ontvang nie hulle vergoeding nie tensy hulle 'n volledige verslag van hulle werksaamhede aan die SR-voorsitter, die Voorsitter van die nuut verkose SR, die Sameroeper van die Studente-imbizo en die Speaker van die Studentevergadering voorgelê het voor die einde van die vierde kwartaal van die jaar waarin die verkiesing plaasgevind het.

#### **123. Vergoeding**

- (1) Die Verkiesingskommissie en -assistente word vergoed ooreenkomstig die riglyne wat by die Afdeling Studentesake beskikbaar is.

- (2) Indien die Verkiesingskommissie een of meer van hulle pligte soos in hierdie Grondwet omskryf, wesenlik verwaarloos het, kan die Studentehof 'n aansoek toestaan om die Kommissie se vergoeding te verminder met 'n bedrag wat billik en redelik in die omstandighede is.

#### **124. Sameroeper vir Tygerberg-kampus**

- (1) Die Uitvoerende Komitee: TSR moet elke jaar voor die einde van Maart 'n Verkiesingsameroeper vir die Tygerberg-kampus aanstel nadat met die Verkiesingskommissie beraadslaag en hulle goedkeuring bekom is. Die posisie moet vir twee (2) weke vooraf op die Tygerberg-kampus geadverteer word.
- (2) Die Verkiesingskommissie vir die Stellenbosch-kampus moet die aangewese Sameroeper vir Tygerberg bekragtig voordat die Sameroeper oor al die bevoegdhede sal beskik wat hierdie Grondwet aan hulle toeken.
- (3) Die Sameroeper vir die Tygerberg-kampus moet, in samewerking met en onder toesig van die Verkiesingskommissie vir die Stellenbosch-kampus, verseker dat die SR-verkiezing op die Tygerberg-kampus vlot verloop.

#### **125. Verkiesingskomitees van ander strukture**

Die bestuurstrukture van die ABR, Primkomitee, Verenigingsraad, fakultêre studentekomitees, verenigings en huiskomitees moet verkiesingskomitees of -sameroepers aanstel om hulle verkiesings te hanteer, en aan die Verkiesingskommissie volledige toegang verleen om die onderskeie verkiesingsprosesse te moniteer en te oudit, en verbandhoudende klagtes ontvang en ondersoek.

- (1) Die verkiesingskomitees of -sameroepers van hierdie strukture moet verkiesings binne hulle bepaalde struktuur bestuur en fasiliteer.
- (2) Die Verkiesingskommissie verrig 'n toesighoudende rol in hierdie proses en mag slegs in 'n verkiesingsproses inmeng indien –
  - (a) voortvloeiende ongerymdhede rakende die verkiesingsproses opgemerk is;
  - (b) daar prima facie-getuienis van verkiesingswanbestuur bestaan;
  - (c) 'n klagte van beweerde verkiesingsbedrog ontvang is; of
  - (d) die betrokke verkiesingskomitees of -sameroepers versuim om aan verkiesingsregulasies te voldoen.

#### **126. Verkiesing van studenteleiers**

Die Verkiesingskommissie moet die SR-verkiesings bestuur en moet verkiesings vir die ABR, die Primkomitee, Senior Primkomitee, die Verenigingsraad, fakultêre studentekomitees, verenigings, huiskomitees en die TSR en die samestellende liggame daarvan moniteer en oudit, en enige verbandhoudende klagtes ondersoek.

#### **127. Klagteprosedure vir alle verkiesings**

- (1) Klagte oor die veldtog van 'n sekere kandidaat moet by die Verkiesingskommissie ingedien word, wat die klagte behoorlik moet ondersoek en binne 24 uur nadat dit ingedien is, hulle beslissing moet bekendmaak.
- (2) Enige klagte oor enige verkiesing tot studenteleierskap – met inbegrip van enige aspek wat die vryheid of regverdigheid van die verkiesing in gevaar kan stel – of oor enige besluit, of versuim om 'n besluit te neem, deur 'n verkiesingskommissaris of verkiesingskomitee of -sameroeper moet by die Verkiesingskommissie ingedien word.

- (3) Enige onopgeloste klagte ingevolge subartikel (2) oor die verloop van enige verkiesing tot studente-leierskap, en enige besluit of versuim om 'n besluit te neem deur die Verkiesingskommissie of 'n verkiesingskomitee of -sameroeper, moet by die Studentehof ingedien word –
- (a) binne 'n redelike tyd;
  - (b) voor die derde Universiteitsdag (insluitend bereken) nadat die uitslag bekendgemaak is; en
  - (c) ooreenkomstig die reëls van die Studentehof.
- (4) Indien 'n klagte by die Studentehof ingedien word –
- (a) moet die Hof die klagte met die nodige spoed hanteer indien dit andersins nadeel kan veroorsaak;
  - (b) moet die Hof die klagte oorweeg aan die hand van die beginsels van 'n vry en regverdige SR-verkiesing wat verteenwoordiging en deelname bevorder;
  - (c) kan die Hof 'n ondersoekende benadering volg – wat die hertelling of herevaluering van stembriewe mag insluit – indien dit in die besondere geval nodig blyk te wees; en
  - (d) kan die Hof enige remedie toestaan wat regverdig en billik in die omstandighede is en wat die vryheid en regverdigheid van die verkiesing sal verseker, onder meer deur –
    - (i) 'n besluit van die verkiesingsameroeper(s) tersyde te stel;
    - (ii) die uitslag ten opsigte van 'n sekere kandidaat nietig te verklaar;
    - (iii) stembriewe óf nietig te verklaar óf toe te laat; of
    - (iv) die hele verkiesing nietig te verklaar.
- (5) 'n Appèl teen die beslissing van die Studentehof ingevolge hierdie item moet binne twee (2) Universiteitsdae nadat die besluit aangekondig is, by die Appèlhof ingedien word, anders sal die beslissing van die Studentehof finaal wees.

### **128. Geldigheid van verkiesingsuitslae**

Die geldigheid van die volledige verkiesingsuitslae word bevestig indien geen klag oor die geldigheid van die verkiesing by die Verkiesingskommissie of die Studentehof ingedien word binne drie (3) Universiteitsdae nadat die Verkiesingskommissie die verkiesingsuitslae aangekondig het nie.

## HOOFSTUK 15: INWERKINGTREDING, HERROEPING EN WYSIGING

### 129. Inwerkingtreding en herroeping

- (1) Hoofstuk 5 en artikels wat met die Studenteparlement verband hou, tree in werking sodra die Studentehof die grondwet, reëls en/of regulasies vir beide die Studentevergadering en die Studente-imbizo, soos onderskeidelik in artikel 66 en artikel 74 bedoel, aanvaar het.
  - (a) Die dienende Studenteparlement is daarvoor verantwoordelik om die grondwet, reëls en/of regulasies vir die Studentevergadering sowel as dié vir die Studente-imbizo op te stel.
  - (b) Die dienende Komitee vir die Studenteparlement moet redelike maatreëls tref sodat die grondwet, reëls en/of regulasies vir die Studentevergadering sowel as dié vir die Studente-imbizo opgestel en voor 1 September 2021 aan die Studentehof voorgelê word.
  - (c) Indien die grondwet, reëls en/of regulasies nie teen 1 September 2021 by die Studentehof ingedien is nie, moet die SR-beampte vir Beleid en/of die SR 'n taakspan saamstel wat verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van 'n grondwet, reëls en/of regulasies vir die Studentevergadering en die Studente-imbizo aanvaar.
  - (d) Sodra die Studentehof die grondwet, reëls en/of regulasies vir die Studentevergadering en die Studente-imbizo aanvaar het –
    - (i) moet die eerste sitting van die Studentevergadering plaasvind op 'n tyd en datum soos deur die Hoofregter van die Studentehof bepaal, hoogstens veertien (14) dae nadat die grondwet, reëls en/of regulasies goedgekeur is;
    - (ii) moet die Hoofregter van die Studentehof by die eerste sitting van die Studentevergadering toesig hou oor die verkiesing van die Vergadering se Speaker en die Sameroeper van die Imbizo; en
    - (iii) moet die Hoofregter van die Studentehof minstens vyf (5) dae voor die eerste sitting benoemings vir die Speaker van die Studentevergadering en die Sameroeper van die Studente-imbizo aanvra.
- (2) Hoofstuk 10 en die artikels wat met die Senior Primkomitee verband hou, tree in werking sodra die Studentehof die Senior Primkomitee se grondwet soos in artikel 105 bedoel, goedgekeur het.
- (3) Die oorblywende bepalings van hierdie Grondwet tree in werking op 1 Julie 2021 of een (1) week nadat die US Raad dit goedgekeur het, wat ook al eerste gebeur, en daarmee word alle vorige Studentegrondwette herroep.
- (4) Geen deel van hierdie Grondwet sal terugwerkende krag hê nie.

### Deel 15.1 Wetgewende Proses

### 130. Wysiging van die Studentegrondwet

- (1) Hierdie Grondwet mag gewysig word by wyse van 'n resoluëie deur –
  - (a) die Studente-imbizo met die steun van minstens 60% van die Imbizo se lede; en
  - (b) die Studentevergadering met die steun van minstens 80% van 'n kworum van minstens 100 stemme wat uitgebring is.



- (2) Enige student mag 'n petisie met 'n voorgestelde wysiging aan die Studentegrondwet by die Studente-imbizo indien.
- (a) Die petisie moet deur die Sameroeper van die Studente-imbizo voorgelê word, wat die petisie by die eersvolgende Studente-imbizo as 'n resolusie vir oorweging moet ter tafel lê.
- (b) Die Studente-imbizo moet binne sewe (7) dae nadat die resolusie ter tafel gelê is –
- (i) die resolusie aanneem; of
  - (ii) die resolusie aanneem onderworpe aan wysigings wat die Imbizo voorstel; of
  - (iii) die resolusie verwerp.
- (c) Indien die Studente-imbizo die resolusie aanneem, moet die Sameroeper van die Imbizo dit binne sewe (7) dae aan die Speaker van die Studentevergadering voorlê.
- (d) Wanneer 'n resolusie ter wysiging van die Grondwet voorgelê word, moet die Studentevergadering –
- (i) binne sewe (7) dae na ontvangs daarvan alle besonderhede van die voorgestelde wysiging(s) bekendmaak en openbare kommentaar op die resolusie uitnooi;
  - (ii) binne sewe (7) dae nadat die besonderhede van die resolusie vir openbare kommentaar bekendgemaak is, 'n sitting van die Studentevergadering belê;
  - (iii) enige skriftelike kommentaar wat vanaf die studentegemeenskap en lede van die Studente-imbizo ontvang is, ooreenkomstig die reëls en prosedures van die Studentevergadering vir openbare debatvoering by 'n sitting van die Studentevergadering voorlê.
- (e) Die resolusie vir wysiging van die Studentegrondwet moet ter stemming gebring word by die eerste sitting van die Studentevergadering wat volg op die openbare debatvoering soos in artikel 130(2)(d) bedoel.
- Die stemgeregtigdes by die vermelde sitting moet –
- (i) die resolusie aanneem met minstens 80% ondersteuning uit 'n kworum van minstens 100 stemme wat uitbring is; of
  - (ii) die resolusie verwerp; of
  - (iii) die resolusie na die Studente-imbizo terugverwys vir oorweging.
- (f) Indien 'n resolusie na die Studente-imbizo terugverwys word –
- (i) moet die Speaker van die Studentevergadering die resolusie terugstuur met alle besonderhede wat vanuit die studentegemeenskap en die debatvoering bekom is; en
  - (ii) moet die Studente-imbizo die resolusie met inagneming van die voorgestelde wysigings deur die Studentevergadering heroorweeg, en mag die Imbizo –
    1. die resolusie aanneem soos gewysig en dit weer aan die Studentevergadering voorlê, vir heroorweging, of
    2. besluit om die resolusie daar te laat.
- (g) Indien die Studentevergadering die resolusie aanneem –
- (i) moet die Speaker van die Studentevergadering die resolusie binne twee (2) dae nadat dit aangeneem is, aan die Voorsitter van die SR voorlê; en

- (ii) moet die SR-voorsitter binne vyf (5) dae na ontvangs van die resoluëie 'n spesiale SR-vergadering belê om met die resoluëie akkoord te gaan.
- (h) Die resoluëie moet aan die SR voorgelê word as 'n mosie om akkoord te gaan met 'n resoluëie om die Studentegronwet te wysig, en die SR kan –
  - (i) die resoluëie aanneem met 'n 60%-meerderheidstem van die SR-lede; of
  - (ii) die resoluëie na die Studentehof verwys om te beslis of die wysigingsproses ingevolge hierdie Gronwet verloop het.
- (i) Indien die Studentehof bevind dat die wysigingsproses grondwetlik verloop het, moet die SR –
  - (i) met die resoluëie akkoord gaan; en
  - (ii) dit aan die US Raad vir goedkeuring voorlê.

### **131. Bekendmaking van wysigings aan die Studentegronwet**

- (1) 'n Wysiging aan die Studentegronwet wat deur die US Raad goedgekeur is, moet sonder versuim bekendgemaak word en tree in werking met bekendstelling of op die datum wat in die Gronwet bepaal word.
- (2) 'n Bygewerkte afskrif van die Studentegronwet moet aan die SR-beampte vir Beleid toevertrou word vir veilige bewaring.

### **132. Hersiening van die Studentegronwet**

- (1) Die Studente-imbizo moet al om die drie (3) jaar 'n taakspan saamstel wat –
  - (a) die toepaslikheid van die bestaande Studentegronwet moet beoordeel, en
  - (b) die Studente-imbizo van raad moet bedien daaroor of die Studentegronwet aanpassing verg.

# SKEDULE 1: STUDENTE VERKIESINGSWET

## Deel S1.1: Waardes en Standaarde

- 1.** Hierdie Verkiesingswet bevorder die onderstaande waardes en standarde vir verkiesings tot studenteleierskapstrukture.

Dit verseker 'n verkiesingsproses wat –

- (1) die hoogste mate van toeganklikheid tot inligting oor kandidate en die verkiesingsproses bied;
- (2) die hoogste mate van deelname en betrokkenheid deur die studentegemeenskap bied;
- (3) demokraties, nediskriminerend en inklusief is;
- (4) vry en regverdig is;
- (5) tersaaklik en deursigtig is;
- (6) die belange van die strukture en/of kampus bevorder; en
- (7) gehaltesdebatvoering en -gesprekvoering met kandidate prikkel.

## Deel S1.2: Regte

- 2.** Die onderstaande regte is van toepassing op die hele studentegemeenskap, ook op alle kandidate vir studenteleierskapstrukture.

Alle studente is daarop geregtig om:

- (1) hulle stem vir kandidate onafhanklik en in die geheim uit te bring;
- (2) wettige verkiesingsveldtogte te voer;
- (3) die verkiesings- en veldtogmateriaal te versprei wat deur die tersaaklike verkiesingsgesag ontwerp en gemagtig is;
- (4) taalvryheid te beoefen;
- (5) vryheid van spraak te beoefen;
- (6) openbare byeenkomste te hou;
- (7) die plakkate wat deur die tersaaklike verkiesingsgesag ontwerp en verskaf is, te vertoon;
- (8) kiesersteun te werf; en
- (9) sosialemediaplatforms te gebruik om hulle veldtog te adverteer.

## Deel S1.3: Oortredings

- 3.** Alle persone op wie die Studente Verkiesingswet bindend is, moet gedurende die verkiesingstyd –
  - (1) enige instruksies deur die Verkiesingskommissie navolg en enige billike besluite deur die Verkiesingskommissie deurvoer;
  - (2) taalgebruik en enige ander soort handeling vermy wat tot geweld of intimidasie kan lei;

- (3) hulle weerhou van optrede of praktyke wat onbillik diskrimineer of daarop gemik is om iemand in die konteks van die verkiesing op grond van ras, geslag, seksuele oriëntasie, etnisiteit, klas of geloof te verneder;
- (4) niks doen wat enige persoon se reg belemmer op redelike toegang tot kiesers met die oog daarop om steun te werf nie;
- (5) hulle daarvan weerhou om enige stem- of verkiesingsmateriaal onwettig te verwyder of op enige manier te beskadig of te vernietig;
- (6) hulle daarvan weerhou om die veldtogmateriaal van enige kandidaat te verwyder, beskadig of vernietig;
- (7) hulle daarvan weerhou om enige geld op enige bemarking te bestee –
  - (a) en, aangesien kandidate nie hulle eie geld mag gebruik nie, sluit hierdie verbod ook geborgde Facebook-bladsye en Instagram- en Twitter-profiële in en mag geen borgskap vir verkiesingsdoeleindes aangewend word nie;
- (8) hulle weerhou van magsmisbruik en van die gebruik van voorregte, beïnvloeding of enige vorm van dwang met die oog daarop om iemand te oorreed om vir 'n sekere kandidaat te stem;
- (9) hulle daarvan weerhou om in enige verkiesingsmateriaal wanvoorstellings oor hulleself te maak;
- (10) hulle daarvan weerhou om enige rassistiese, seksistiese, homofobiese, vals, lasterlike of enige ander aantygings van sodanige aard in die konteks van die verkiesing te maak, bekend te maak of te herhaal wat enige persoon se menswaardigheid sou aantast;
- (11) hulle daarvan weerhou om enige vorm van aanlokking of vergoeding aan te bied met die oog op die betrokke persoon se stem of weerhouding van hulle stem in die verkiesing;
- (12) hulle daarvan weerhou om te stem op 'n manier waarop hulle weet hulle nie geregtig is nie; en
- (13) hulle weerhou van enigiets wat studente se privaatheid of hulle reg op geheime stemming sou skaad.

#### **4. Verantwoordelikhede van kandidate**

Dit staan kandidate vry om hulle plakkate wat deur die Verkiesingskommissie verskaf is, te vertoon waar hulle wil.

Nietemin:

- (1) rus die verantwoordelikheid op elke kandidaat om te sorg dat, waar hulle, hulle plakkate vertoon, dit geen reëls van die betrokke platform oortree nie; en
- (2) sal oortreding van hierdie reël dissiplinêre optrede tot gevolg hê.

### **Deel S1.4: Sosiale media en plakkate**

#### **5. Plakkate**

Die Verkiesingskommissie of die tersaaklike verkiesingsgesag is vir die fotografiese werk, ontwerp en verspreiding rakende alle advertensieplakkate verantwoordelik.

#### **6. Sosiale media**

Kandidate word aangemoedig om platforms soos Facebook, Instagram en Twitter maksimaal te benut. Let wel: Die reëls hier bo moet noukeurig nagekom word en sal streng afgedwing word.

## **7. Bykomende reëls**

- (1) Bykomende bemerking mag slegs op sosialemediaplatforms plaasvind.
  - (a) Dit beteken dat geen kandidaat massakommunikasie (SMS, e-pos of enige soortgelyke media) vir bemerkingsdoeleindes mag gebruik nie.
  - (b) Bemerkingsmetodes soos in 7(1)(a) bedoel, is strydig met paragraaf 2.2.1 van die US se Beleid oor Elektroniese Kommunikasie.
- (2) Kandidate mag wel met geslote vriendegroepe elektronies of andersins kommunikeer, mits sodanige kommunikasie 'n verklaring bevat wat ontvangers uitdruklik verbied om daardie boodskappe as massakommunikasie aan te stuur.

### Deel S1.5: Afdwingbaarheid

- 8.** Enige oortreding van hierdie reëls stel die oortreder bloot aan 'n ondersoek deur die Verkiesingskommissie. Skuldigbevinding sal inhou dat die kandidaat gediskwalifiseer word.
  - (1) 'n Kandidaat word aanspreeklik gehou vir enige massakommunikasie wat hierdie Wet oortree indien sodanige middel aangewend is om hulle te onderskryf of hulle in hulle veldtog te help.
    - (a) Kandidate kan aanspreeklikheid, soos in 8(1), vermy indien hulle kan bewys dat hulle geen aandeel aan die oortreding gehad het nie.

## SKEDULE 2: STUDENTERAADSVERKIESINGS

### Deel S2.1: Benoemings en kriteria vir Studenteraadskandidatuur

#### 1. Benoemingstydperk

- (1) Die benoemingstydperk moet tien (10) kalenderdae duur, tensy dit verleng word in ooreenstemming met hierdie grondwet.
- (2) Alle verkiesings- en benoemingsdatums moet saamval met dié van die TSR-verkiesing, tensy buitengewone omstandighede dit onmoontlik maak.
- (3) Indien die Verkiesingskommissie van mening is dat dit in die belang van verteenwoordiging en deelname sal wees, mag hulle besluit om die afsnydatum vir benoemings met een (1) week uit te stel.

#### 2. Prosedure in geval van te min benoemings

Indien die getal geskikte benoemings wat teen die laaste dag vir benoemings ewe veel of minder is as die getal SR-lede wat in daardie verkiesing verkies word –

- (1) moet die Verkiesingskommissie benoemings vir 'n tydperk van een (1) week heropen.
- (2) Indien die getal benoemings steeds ewe veel of minder as die getal beskikbare posisies is nadat benoemings heropen is soos in item (1) bedoel, moet die Verkiesingskommissie die volgende studente tot behoorlik verkose SR-lede verklaar:
  - (a) die benoemde kandidate, en
  - (b) soveel addisionele lede as wat die nuut verkose kandidate wil aanstel, maar nie meer as die aantal beskikbare poste nie.

#### 3. Besikbaarheid van benoemingsvorm

Die voorgeskrewe benoemingsvorm moet vir die duur van die benoemingstydperk by die SR-kantoor, by die TSR-kantoor en elektronies beskikbaar wees.

#### 4. Voorgeskrewe benoemingsvorm

Die Verkiesingskommissie moet benoemingsvorms voorskryf wat ten minste die volgende inligting bevat:

- (1) die kriteria waarvolgens akademiese keuring plaasvind, en die reg om teen akademiese keuring te appelleer sowel as die plek waar sodanige appèl aangeteken kan word;
- (2) die reëls vir die vertoning, verspreiding en ander beperkings rakende verkiesingsmateriaal;
- (3) die tyd en plek van die eerste byeenkoms van die kandidate; en
- (4) die sperdatum vir indiening van benoemingsvorms.

#### 5. Invul van benoemingsvorms

Die Verkiesingskommissie moet 'n kandidaat se benoemingsvorm verwerp as dit nie ten minste die volgende bevat nie:

- (1) die kandidaat se volle naam,
- (2) die kandidaat se handtekening,

- (3) die benoemer se handtekening,
- (4) die handtekeninge van minstens tweehonderd (200) studente wat die benoeming sekondeer,
- (5) 'n getikte manifes van hoogstens driehonderd (300) woorde,
- (6) 'n lys van die kandidaat se tersaaklike ondervinding, en
- (7) die kandidaat se US-studentenommer.

#### **6. Akademiese vereistes vir kandidatuur in die Studenteraadsverkiesing**

- (1) Die akademiese vereistes vir kandidatuur in 'n SR-verkiesing is gestel om situasies te voorkom waar 'n SR-lid weens akademiese redes gedurende hulle ampstermyn bedank.
- (2) Om aan die akademiese vereistes te voldoen, moet 'n kandidaat voldoen aan die minimum HEMIS-vereistes vir koshuise op grond van hulle akademiese rekord van vorige jare en die Junie-eksamenuitslae van die betrokke jaar.
- (3) Indien 'n kandidaat gevaar loop om nie aan die Universiteit se hertoelatingsvereistes te voldoen nie, sal kandidatuur in 'n SR-verkiesing nie aan hulle verleen word nie.
- (4) Die Verkiesingskommissie kan toegang tot kandidate se akademiese rekord bekom om te bepaal of hulle aan die vereistes by item 6(2) en (3) voldoen.

#### **7. Akademiese diskwalifikasie**

- (1) Kandidate wat nie aan die akademiese vereistes soos in item 6 uiteengesit, voldoen nie, mag nie tot die SR verkies word nie – hetsy in 'n algemene verkiesing of by wyse van 'n ex officio-struktuur.
- (2) Die Verkiesingskommissie moet die akademiese rekord van die kandidate by die Registrateurskantoor aanvra, en enige gevalle van kandidate wat nie aan die bogenoemde bepalings voldoen nie, by die komitee bedoel in item 7(3) indien.
- (3) Die besluit om 'n kandidaat se kandidatuur op akademiese gronde te verwerp, moet geneem word deur 'n komitee wat bestaan uit:
  - (a) die Direkteur van die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSLEOB) of die Direkteur se aangewese plaasvervanger,
  - (b) die SR-voorsitter,
  - (c) een van die verkiesingskommissarisse,
  - (d) die dekaan van die fakulteit waar die kandidaat ingeskryf is, en
  - (e) die Sameroeper van die Studente-imbizo.
- (4) Die komitee soos in item 7(3) moet hulle besluit op die kriteria in item 6 begrond, maar kan ook die volgende faktore in ag neem om tot 'n besluit te kom:
  - (a) dat daar spesiale redes – soos siekte, besering of ongeskiktheid – vir die kandidaat se swak akademiese prestasie bestaan;
  - (b) dat die kandidaat van studieprogram verander het en in die nuwe program goed vaar;
  - (c) dat die kandidaat se uitslae vir die afgelope drie (3) jaar voortgesette verbetering toon;
  - (d) dat die kandidaat 'n program gevolg het waarin 'n module wat gedruip is, inhou dat verskeie ander modules nie gevolg kon word nie of verg dat die studiejaar herhaal word.

## 8. Ander gronde vir diskwalifikasie van kandidate

Afgesien van die nakoming van bogenoemde bepalings, moet die Verkiesingskommissie 'n benoeming tot kandidatuur ook verwerp indien die kandidaat –

- (1) vir minstens een (1) semester nie 'n ingeskrewe student was nie;
- (2) in die Republiek van Suid-Afrika of elders vir enige misdryf gevonnissen is tot gevangenisstraf sonder die keuse om 'n boete te betaal; of
- (3) deur die Sentrale Dissiplinêre Komitee of die Dissiplinêre Appèlkomitee van die Universiteit aan enige misdryf skuldig bevind is na onsuksesvolle appellerings.

## Deel S2.2: Formaat en bemerking van die verkiesing

### 9. Formaat van die verkiesing

Die SR-verkiesing vind soos volg plaas:

- (1) Stemme word elektronies of per stembrief uitgebring.
- (2) Indien dit prakties uitvoerbaar is, verteenwoordiging en deelname bevorder, en nie die vryheid of regverdigheid van die verkiesing benadeel nie, kan die verkiesingsameroeper(s) besluit dat –
  - (a) stemme op verskillende wyses uitgebring mag word; en
  - (b) sekere stemwyses slegs vir sekere kategorieë studente beskikbaar is.

### 10. Elektroniese stemming

Elektroniese stemming moet by wyse van veilige, vertroulike en anonieme stembriewe plaasvind waarop die name en foto's van al die kandidate verskyn.

### 11. Stemming per stembrief

Stemming per stembrief moet by aangewese stemlokale plaasvind, by wyse van 'n geslote stembrief waarop die name en foto's van al die kandidate verskyn.

### 12. Plasing van stemlokale

- (1) Indien alle of sekere kategorieë studente hulle stemme by wyse van 'n stembrief uitbring, moet die Verkiesingskommissie ten minste tien (10) stemlokale op die Stellenbosch-kampus en ten minste een (1) stemlokaal elk op die Tygerberg-kampus en by die Militêre Akademie aanwys.
- (2) Stemlokale moet toeganklik wees en sodanig geleë wees dat dit 'n vry en regverdige verkiesing verseker asook deelname en verteenwoordiging bevorder.

### 13. Organisering van stemlokale

- (1) Bevoegde, onpartydige persone wat deur die Verkiesingskommissie aangestel is, staan in beheer van stemlokale.
- (2) Stemlokale moet duidelik afgebaken word om te verseker dat stemming vertroulik is.
- (3) Geen verkiesingsmateriaal buite die verkiesingsuitgawe van *Die Matie* en die amptelike verkiesingsplakkaat of -plakkate van die Verkiesingskommissie mag in die omgewing van stemlokale vertoon word nie, binne 'n area wat die Verkiesingskommissie sal bepaal.



#### **14. Kennisgewing en advertering van verkiesings**

- (1) Die Verkiesingskommissie moet alle studente oor die volgende aspekte van 'n verkiesing inlig deur 'n verkiesingsuitgawe van *Die Matie* uit te gee, deur middel van elektroniese advertering en plakkate, en op enige ander manier:
  - (a) die tydperk waartydens benoemings oop is en waar benoemingsvorms beskikbaar is;
  - (b) die datum(s) van die stembag(e);
  - (c) die manier waarop stemme uitgebring kan word, asook (indien van toepassing) waar stemlokale geleë sal wees en die tye wanneer stemlokale sal open en sluit;
  - (d) die datum, tyd en plek van die byeenkoms(te) vir openbare bekendstelling van die kandidate;
  - (e) die naam, manifes en ervaring van elke kandidaat;
  - (f) die dokument met die reëls en prosedures (soos deur die Verkiesingskommissie bepaal) oor benoemingsvorms en veldtogte;
  - (g) enige ander wesentlike besluite wat die Verkiesingskommissie oor enige aspek van die verkiesing geneem het; en
  - (h) die manier waarop 'n klagte voor, gedurende of na die verkiesing oor die Verkiesingskommissie, 'n sekere kandidaat se verkiesingsveldtog of enige ander aspek van die verkiesingsproses ingedien kan word.
- (2) Die inligting wat by item 14(1) vereis word, moet ook elektronies – op 'n enkele webwerf – aan alle studente beskikbaar gestel word voordat die verkiesing begin.

#### **15. Verkiesingsveldtogte**

- (1) Kandidate mag op enige wyse stemme werf wat nie die wet, Universiteitsreëls, hierdie Grondwet, SR-regulasies of sodanige reëls wat die Verkiesingskommissie mag neerlê, oortree nie.
- (2) Indien 'n kandidaat self, of 'n kandidaat se helpers of ondersteuners, strydig met item 15(1) optree, kan die Verkiesingskommissie die betrokke kandidaat opdrag gee om verkiesingsmateriaal te verwyder of te vernietig, die tersaaklike bedrywighede te staak, of – sou die gedrag 'n misdryf wees of ernstige nadeel vir een of meer ander kandidate inhou – die kandidaat se kandidatuur ongeldig verklaar.

#### **16. Bekendstellingsvergadering**

- (1) Die Verkiesingskommissie moet ten minste sewe (7) bekendstellingsgeleenthede organiseer – onder meer ten minste een (1) op die Tygerberg-kampus en een (1) by die Militêre Akademie – waartydens kandidate geleentheid kry om hulleself aan studente voor te stel en waar studente vrae aan die kandidate kan stel, tensy buitengewone omstandighede verhoed dat fisieke bekendstellingsvergaderings plaasvind.
- (2) 'n Verkiesingsameroeper of 'n persoon wat deur 'n verkiesingsameroeper aangestel is, sit by bekendstellingsvergaderings voor.
- (3) Die gedrag van studente by 'n bekendstellingsvergadering moet aan die gedragskode vir sodanige byeenkomste voldoen.
- (4) Indien die voorsitter by 'n bekendstellingsvergadering van mening is dat een of meer aanwesiges die gedragskode oortree of vrae stel wat nietersaaklik is of 'n kandidaat se

- regte skend, kan die voorsitter –
- (a) 'n vraag buite orde stel;
  - (b) 'n vraagsteller onderbreek en beveel om stil te bly; of
  - (c) die persoon opdrag gee om die vergadering te verlaat.
- (5) Die voorsitter bepaal die duur van 'n bekendstellingsvergadering na goeddunke en mag die vergadering op enige tydstip beëindig, mits alle kandidate billike en redelike geleentheid gehad het om hulle manifes te stel en vrae te beantwoord.

### Deel S2.3: Uitslae en klagtes

#### **17. Die verkiesingsuitslag**

- (1) Die Verkiesingskommissie-assistente en verkiesingskommissarisse moet alle stemme so gou moontlik tel nadat die laaste stemgeleentheid gesluit het.
- (2) Stembriewe mag nie vernietig word voordat die geldigheid van die bevestig is nie.
- (3) Die Verkiesingskommissie mag reëls instel en oor die geldigheid van stembriewe beslis, onderworpe aan die beginsel van 'n vry en billike verkiesing.
- (4) Die volledige verkiesingsuitslae moet so spoedig moontlik nadat al die stemme getel is, openbaar beskikbaar gestel word. Die volledige skriftelike uitslae moet elektronies gepubliseer en aan alle kandidate uitgestuur word.

#### **18. Rol van die Direkteur van die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap**

- (1) Die Direkteur van die SSLEOB of die Direkteur se benoemde plaasvervanger vervul 'n moniteringsrol tydens SR-verkiesings.
- (2) Die SSLEOB-direkteur of die Direkteur se benoemde plaasvervanger beklee hierdie status sonder benadeling van die onafhanklikheid of outonomie van die Verkiesingskommissie.
- (3) Vir die doeleindes van hierdie item kan die SSLEOB-direkteur of die Direkteur se benoemde plaasvervanger klagtes soos in artikel 127 beskryf voor die Studentehof bring.
- (4) Sodanige klagte kan ingedien word, maar die Studentehofbesluit of die verkiesingsuitslae – of 'n verkiesingsuitslag soos deur die Hof gewysig – verkry geldingskrag eers indien geen appèl aangeteken is binne twee (2) Universiteitsdae nadat die beslissing gelewer is nie.
- (5) Indien sodanige appèl aangeteken word, is die Appèlhofbesluit – of die verkiesingsuitslae of 'n verkiesingsuitslag soos deur die Appèlhof gewysig, geldig is – finaal.